
# COMMUNIKÉ

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

1994




Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 62/00738/06



SBSA303179/HUNT LASCARIS TBWA

**C majeur op 3.**
**Tsjaikowski op 8.**
**Solis op 16.**
**Maar so pas eers 'n presteerder geword.**

Dit het my lank geneem om iets van my talente te maak wat my meer as net kunstenaarsbevrediging bied. Op 28 is die tyd nou reg (my broer dink nog steeds ek speel vals) en nou het ek al die geld beskikbaar om my toekoms te verseker. Deels is dit aan 'n spesiale bankrekening te danke.

Die maatstawwe verseker dat dit nie 'n maklike rekening is om voor te kwalifiseer nie. Om mee te begin moet jy minstens R6000 per maand verdien, maar as jou bankbestuurder dit goedkeur, is dit 'n rekening wat beslis die moeite werd is.

Nie net is my tjeks tot R500 gewaarborg nie, maar ek het ook 'n wentelkredietfasiliteit en ek kwalifiseer vir 'n AccessBond-huislening, alles teen voorkeurkoerse.

Dus sal ek nou my eie huis kan koop. Vanselfsprekend sal ek seker maak dat daar 'n ekstra slaapkamer vir my broer is. Heeltemal klankdig.

Standard Bank
ACHIEVERPLAN

Met ons bring jy dit veel verder.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# communiké

jaargang 7 november 1994

## inhoud

2 uitdagings en geleenthede
5 furthering a common goal
6 nuwe departement 'n eerste in Suid-Afrika
9 taking the plum awards
10 bestuur kan ideale 'n werklikheid maak
13 erkenning aan 'n besondere presteerder
14 become a workwinner
18 tukkie-studente en hul geldsake
20 die vorming van wetenskaplikes
26 'n strategiese toekomsbenadering
27 oudstudente-adresvorm
28 die hoogste rang
31 eersteklas, rudi
32 a truly newsworthy professor
34 die verhaal van 'n jong entrepreneur
38 groen rekeningkunde - 'n nuwe bate
40 expand your knowledge
43 diversiteitsbestuur en gelyke geleenthede
46 'n duisend dankies!

## skakelblad:

*Communiké* word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria. Hierdie skakelblad verskyn een keer per jaar en word gratis aan oudstudente en ander teikengroepe van die Fakulteit verskaf.

Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van *Communiké* elders aangehaal word. Menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, weerspieël nie noodwendig die sienswyse van die Fakulteit nie.

Redaksionele bydraes word verwelkom en sal, met die voorbehoud van redaksionele veranderings, oorweeg word vir plasing.

## rig bydraes en navrae aan:

Die Redakteur: *Communiké*
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002
Telefaks: (012) 342-2431
Telefoon: (012) 420-3328

## redakteur:

Me Adri van der Merwe, APR

## assistent:

Me Sonja Jansen

Taalversorging: Van der Walt Reklame
Fotografie: Stephan Visser, Campus Photographic Studio
Ontwerp: Ink Design Studios, Pretoria
Reproduksie: Future Graphics
Drukwerk: Klem Lloyd Printers, Johannesburg

issn1013-168X

Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# die uitdagings & geleenthede van 'n veranderende omgewing

– 'n voorwoord deur prof Sieg Marx, Dekaan.

Die Republiek van Suid-Afrika beleef tans, veral na die algemene verkiesing in April 1994, 'n tydperk van ongekende veranderinge.

In die ekonomiese, tegnologiese, institusionele, maatskaplike, politieke, fisiese en internasionale omgewing vind strukturele veranderinge sneller en drastieser plaas as wat waarskynlik normaal is vir 'n land met 'n algemene ontwikkelingspeil soos dié van Suid-Afrika.

Verder is daar ook nog die snelle veranderinge in die Suid-Afrikaanse mark, veral weens die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, wat die lewenstandaard van alle bevolkingsgroepe direk raak en gaan raak.

Die verandering in die mededingende posisie van universiteite en van ondernemings tree deesdae ook al hoe sterker na vore.

Die proses van verandering is nog lank nie verby nie en veel groter strukturele aanpassings as wat tot nou toe nodig was, sal deur universiteite en fakulteite op vele terreine gemaak moet word.

## Pro-aktief teenoor verandering

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Pretoria neem egter nie 'n afwagtende houding teenoor genoemde veranderings in nie.

Trouens, reeds in die 1993-uitgawe van *Communiké* het ek onder meer die volgende oor die toekoms van die Fakulteit gesê: "Die strewe is ... om steeds die uitdagings wat gestel word voor oë te hou, en seker te maak dat die Fakulteit uniek, relevant, onmisbaar en mededingend bly in die lig van die eise wat 'n veranderende omgewing stel. Ek dink die grondwerk is reeds gedoen - wat nou nodig is, is die implementering en verfyning van al ons strategieë."

En met intydse strategiese bestuursbesluite is inderdaad sover moontlik verseker dat die Fakulteit tred hou met die veranderinge in die nuwe Suid-Afrika.

## It's a serious business

We are in the business of developing and communicating the economic, accounting and managerial sciences through formal education, research and community service programmes as well as informal training programmes, publications, presentations and consultations at different levels.

As with all faculties of economic and management sciences at universities, we have to train the private and public sector managers and business leaders of tomorrow. And with our various research activities we have to aim at identifying and unveiling ways to increase the economic and social welfare of the people of South and Southern Africa.

At Tukkies, the Faculty of Economic and Management Sciences has been at the forefront of changing to a system where we can meet the demands made by a changing South Africa.

Whilst ensuring the continuation of high standards and quality education, we have also introduced bridging courses and mechanisms to enable disadvantaged students who do not meet our entrance require-



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

ments but who do have the potential, to reach an academic standard which enables them to fit into our standard education programmes.

In cooperation with National Colleges, the Faculty has introduced a new concept in education. By means of correspondence courses offered by National Colleges, university accredited diplomas have been made available and accessible to prospective students countrywide.

This provides these students with a stepping stone to tertiary education and it bridges the gap between vocational and academic study. Because of this cooperation between the University of Pretoria and National Colleges as a private enterprise, a significant contribution is made to the Reconstruction and Development Programme (RDP), as it provides a huge boost for education and training at no additional cost for the State.

The introduction of a more flexible language policy has also made it possible for us to offer certain undergraduate and postgraduate subjects and courses in English in addition to the Afrikaans subjects and courses.

We regard our tuition in English as an added advantage. By removing the language barrier, we have opened up the door for many English-speaking students who would like to associate themselves with the high standards and traditions maintained at Tukkies, to join our winning team.

## Ons reik uit

Die Fakulteit streef daarna om op vele terreine 'n daadwerklike bydrae te lewer tot die veranderende Suid-Afrikaanse gemeenskap. Só word daar op 'n deurlopende grondslag 'n wye verskeidenheid navorsingsprojekte onderneem wat tot voordeel van die gemeenskap strek.

Van hierdie projekte sluit onder meer navorsing in oor klein en medium grootte ondernemings, entrepreneurskap en toestande vir ekonomiese groei en ontwikkeling, asook "Rekeningkunde vir werknemers," waarin die openbaarmaking van werknemersaangeleenthede in die finansiële jaarstate van top maatskappye ondersoek word ten einde 'n bydrae tot verbeterde openbaarmaking in dié verband te lewer.

Verder is daar op die terrein van gemeenskapsdiens talle voorbeelde. Die aanbieding van gespesialiseerde kortkursusse, veral dié gemik op die opleiding van middelbestuurders vir die private en openbare sektor; die Departement Ekonomie se betrokkenheid by die Eduardo Mondlana Universiteit van Maputo ten einde hulle te help om weer internasionaal-



*"Die handhawing van hoë akademiese standaarde en dissipline bly steeds ononderhandelbare hoekstene vir die Fakulteit se onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens," sê prof Sieg Marx, Dekaan.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

aanvaarbare standaarde te vestig; en die instelling van 'n Eenheid vir die Bestuur van Diversiteit deur die Departement Menslike Hulpbronbestuur verdien hier vermelding.

Die Fakulteit is dus in woord en daad deel van die nuwe Suid-Afrika. Hierdie deelwees kry onder meer gestalte in 'n duidelike sigbaarheid en deelname aan die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van die Regering van Nasionale Eenheid.

Deur ons betrokkenheid lewer die Fakulteit 'n belangrike bydrae tot welvaartskepping en die verhoging van die lewenskwaliteit van al die inwoners van die Republiek.

## Reconstruction and development

The new South Africa orientation of the Faculty culminates in various departments. Of the many examples that can be quoted, a few deserve special mentioning.

Apart from research and other activities aimed at making a contribution to reconstructing and developing the new South Africa, a number of short courses is presented to help fulfil the urgent and immediate need for management training in the public sector. These include:

- an affirmative action training programme for officials of the City Council of Pretoria;
- an introductory course to local government and administration for potential councillors and members of civic organisations for a restructured local government system;
- an introductory course in public administration and management for returnees interested in applying for positions in the restructured public service;
- a financial management course for people in the public sector;
- the training of statistical officers through a certificate programme in survey and data management and
- the offering of programmes such as Learning Technology for Reconstruction and Development, Computer Supported Cooperative Learning and Socio-Economic Development, and the development of computer supported community centres in rural areas.

> "Gesien in die lig van die veranderende omgewing word die rol van oudstudente steeds belangriker vir die Fakulteit."

## 'n Trotse tradisie

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het deur die jare reeds bewys dat dit 'n belangrike bydrae tot die land en sy mense gelewer het. Trouens, 'n trotse tradisie van 75 jaar gaan in 1995 herdenk word. Ons beplan 'n herdenkingsjaarprogram wat enersyds 'n terugblik op die Fakulteit se geskiedenis behels. Só word daar onder meer beoog om 'n 75-jaar gedenkbundel oor die Fakulteit die lig te laat sien.

Die herdenkingsjaarprogram gaan egter ook op die toekoms fokus. Daarom beplan die Fakulteit om 'n internasionale kongres vir bestuurswetenskaplikes aan te bied. Tydens hierdie kongres gaan die vestiging van 'n eie Afrika-gerigte bestuurswetenskap ondersoek word.

Die Departement Ekonomie gaan ook die gasheer wees vir die 1995-byeenkoms van *Project Link*. Die *Project Link* kombineer die ekonomiese vooruitskattingsmodelle van meer as 60 lande, insluitend dié van nywerheidslande, om daaruit die wêreldhandel asook wissel- en groeikoerse vooruit te skat. Dit word gelei deur die Nobelpryswenner, prof Lawrence Klein.

## Oudstudente het 'n belangrike rol

Gesien in die lig van die veranderende omgewing word die rol van oudstudente steeds belangriker vir die Universiteit en Fakulteit. Hul betrokkenheid by en ondersteuning van hul alma mater sal 'n groot bydrae lewer om noodsaaklike aanpassings suksesvol te implementeer.

Ons wil graag ons oudstudente weer betrokke kry by die aktiwiteite van die Fakulteit. In dié verband word *Communiké* as 'n belangrike kommunikasiemedium gebruik om met oudstudente te kommunikeer. Ek wil daarom weereens 'n beroep op al ons oudstudente doen om met die Fakulteit te skakel.

Ons wil hoofsaaklik oudstudente se besonderhede bekom. Daar is geen finansiële verpligting aan verbonde nie. *Communiké* en ander inligting word gratis aan die Fakulteit se oudstudente verskaf. Die Fakulteit se oudstudentedatabasis word ook vertroulik hanteer.

Indien u 'n oudstudent van hierdie Fakulteit is, en ons nog nie oor u besonderhede beskik nie, skakel die Fakulteit asseblief by (012) 420-3383 of voltooi die adresvorm wat op bladsy 27 van hierdie uitgawe verskyn. Ons hoor graag van u!

Ter afsluiting wil ek net die volgende beklemtoon: die handhawing van hoë akademiese standaarde en dissipline en die vestiging van 'n lojale personeel- en studentekorps bly steeds ononderhandelbare hoekstene vir die Fakulteit se onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Die Fakulteit respekteer en ondersteun ook onvoorwaardelik die taalbeleid van Tukkies. Ons vereenselwig ons ook ten volle met die tradisies en waardestelsels van die Universiteit van Pretoria. ❖

Sieg Marx
DEKAAN




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# furthering a common goal

The economic development of South Africa in particular – and of Africa at large – is of the utmost importance. Here at the University of Pretoria, the Department of Economics aims to make a contribution towards increasing the general level of welfare in Africa through its research, formal and informal training and education.

One way in which this can be accomplished, is by involving top experts in this field. Prof Sam Asante from the United Nations Economic Commission for Africa (UNECA) in Addis Ababa, Ethiopia, recently visited the University of Pretoria.

Prof Asante, an expert on African economic development and regional cooperation, was appointed Professor Extraordinary in the Department of Economics earlier this year. "His appointment in the Department flows from our effort to involve top expertise to study development issues in Africa," says Department Head, Prof Geert de Wet.



*Prof Flip Smit, Vice-Chancellor and Principal of the University of Pretoria; Prof Sam Asante, Professor Extraordinary in the Department of Economics and Department Head Prof Geert de Wet.*

During his recent weeklong visit in October, Prof Asante presented a number of lectures in the Department. His lectures at both the undergraduate and postgraduate levels covered developmental regionalism in Africa as well as the prospects for and possible areas of cooperation between South Africa and UNECA.

Prof Asante is a citizen of Ghana. He received a PhD from the London School of Economics and Political Science. He had also lectured Economics as Professor at universities in Ghana and in the USA, before he joined UNECA.

He visits the Department of Economics at Tukkies at least twice a year in order to lecture and to participate in ongoing research in economic development in Southern Africa and Africa.

As Senior Regional Adviser at UNECA and Head of the Southern Africa Desk and Task Force, his involvement at Tukkies exemplifies the furthering of a common goal. ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n eerste in suid-afrika

Op 1 Julie 1994 is Bemarkings- en Kommunikasiebestuur as 'n selfstandige Departement – die eerste in Suid-Afrika – in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ingestel. Dié twee vakgebiede was tot in daardie stadium slegs onderafdelings van die Departement Ondernemingsbestuur.

*Communiké* het met die eerste departementshoof, prof Gustav Puth, gaan gesels oor dié nuwe ontwikkeling.



*Volgens prof Gustav Puth, Hoof van die nuutgestigte Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, is die besondere kombinasie van bemarkings- en kommunikasiebestuursopleiding in 'n enkele departement selfs in internasionale geledere uniek.*

## Waarom is daar besluit op die afstigting en vorming van 'n eie departement?

Daar is twee hoofredes wat aanleiding gegee het tot dié stap. In die eerste plek word Bemarkingsbestuur as vakgebied en as 'n selfstandige graadkursus reeds bykans 25 jaar aan UP aangebied. Gedurende hierdie tydperk het die vak beide hier en internasionaal sodanig gegroei en ontwikkel dat dit vandag allerweë as 'n afsonderlike en selfstandige dissipline beskou word.

Verlede jaar het Bestuurskommunikasie, wat op sigself 'n selfstandige studieveld is, as 'n volledige graadkursus bygekom. Daar is dus vakkundig en inhoudelik meer as voldoende regverdiging om hierdie twee vakke selfstandig in 'n afsonderlike departement te hanteer.

Die tweede belangrike rede vir die stap is dat die studentegetalle in die twee vakke dit regverdig. Gedurende 1994 was daar reeds sowat 2 800 semestereenhede in die twee vakke, terwyl die projeksie vir 1995 aandui dat daar ongeveer 3 200 semestereenhede verwag kan word.

Hierdie getalle maak van Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, in terme van studentegetalle, een van die grootste departemente op die Tukkie-kampus.

## Is ander soortgelyke departemente 'n algemene verskynsel?

In die buiteland, en veral in die VSA, is Bemarkingsdepartemente redelik algemeen bekend. In Suid-Afrika is ons egter, sover my wete strek, die enigste departement waar volwaardige graadkursusse in Bemarkings-



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



*Dat hierdie klomp entoesiastiese BCom(Kommunikasiebestuur)-studente opgewonde oor hulle nuwe Departement is, is gewis. Hulle het op eie inisiatief 'n kommunikasievereniging* Unicomm, *gestig. Twee van hulle dosente, mnr Neels van Heerden en me Valdi Brinkman, staan rustig midde-in dié uitbundigheid.*

bestuur en Kommunikasiebestuur aangebied word. En dié besondere kombinasie in 'n enkele departement is selfs in die internasionale geledere uniek.

### Tukkies was vir meer as 20 jaar die enigste universiteit in Suid-Afrika wat Bemarkingsbestuur as 'n graadkursus aangebied het. Waarom het ander Suid-Afrikaanse universiteite nie ook dié voorbeeld gevolg nie?

Bemarkingsbestuur, net soos al die ander bestuursterreine in 'n onderneming, is tradisioneel gesien en hanteer as 'n onderdeel van die moedervak Bedryfsekonomie, wat nou as Ondernemingsbestuur bekend staan.

Dit lyk vir my asof daar by die meeste ander universiteite nog die mening gehuldig word om die bestuursfunksies eerder saam in 'n enkele departement te hanteer en 'n algemene bestuursgraad, soos 'n BCom in Ondernemingsbestuur, toe te ken.

Ek glo dat ons reeds met die instelling van 'n selfstandige graad in Bemarkingsbestuur ons kollegas by ander universiteite voor was. Met die instelling van 'n selfstandige departement beweeg ons nou werklik op die voorfront in Suid-Afrika.

### Hoe en wanneer het Kommunikasiebestuur dan ter sprake gekom?

Kommunikasie as 'n verskynsel word reeds lank aan Suid-Afrikaanse universiteite bestudeer, en daar is verskeie selfstandige departemente wat die vak aanbied. Die fokus van hierdie departemente was egter nog nooit oorwegend op kommunikasie as 'n bestuursfunksie nie.

Die leemte was eintlik verbasend ooglopend. Ten spyte daarvan dat meer as 70% van alle bestuurstyd die een of ander vorm van kommunikasie behels, en dat kommunikasie in die meeste modelle van bestuur as 'n

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

kernfunksie erken word, was daar in bestuursopleiding in Suid-Afrika tot dusver nog nooit voldoende aandag gegee aan die ontwikkeling en vestiging van kommunikasiebegrip en -vaardighede by toekomstige bestuurders nie.

Teen hierdie agtergrond is daar besluit om die BCom(Kommunikasiebestuur) as 'n volwaardige graadkursus hier in te stel. Met hierdie besluit meen ek dat ons by UP weereens pionierswerk op die gebied doen, en het ek werklik hoë verwagtinge van die kursus.

**Hoe sien u die rol van hierdie nuwe Departement vir die res van hierdie dekade?**

Daar kan geen twyfel wees nie dat ons in bestuursopleiding moet poog om op die voorpunt te bly met sowel internasionale ontwikkelings as die uiters dinamiese veranderings in ons eie samelewing.

> **"Met die instelling van 'n selfstandige departement beweeg ons nou werklik op die voorfront in Suid-Afrika."**

Ek sou dus eerstens sê dat ons eenvoudig moet sorg dat ons akademies en teoreties nie agterraak nie.

Trouens, ons moet daarna streef om op die terreine waar ons besondere kennis van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika het, 'n internasionaal-leidende rol te speel.

Terselfdertyd moet ons opleiding prakties en aktueel genoeg wees sodat ons afgestudeerde studente met vertroue en gesag tot die bedryf kan toetree. Ek voorsien dus dat ons alles in die stryd sal moet werp om beide professioneel en relevant te wees op al die terreine waarop ons beweeg - in ons onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid.

Ek is egter uiters positief oor die betekenisvolle bydrae wat die Departement, ons Fakulteit en die Universiteit van Pretoria in geheel kan lewer op pad na die jaar 2000. ❖



# PPS - Want mens weet nooit wanneer 'n ramp jou tref nie

**PPS — Professionele Dekking Vir Beroepslui**

**Die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed — die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.**

**Alleenlik aan Gegradueerde Beroepslui beskikbaar.**

Spring reg weg ... skakel PPS vandag.



PROTECTION·PROVIDENCE·BESKERMING·VOORSORG PPS

Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 1089
HOUGHTON 2041
Telnr: (011) 486-1088
Faks: (011) 486-2946

CAD 4581A




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# taking the plum awards

## Best Paper Award

The excellent academic standards of the University of Pretoria were once again confirmed this year by the achievement of two staff members of the Department of Human Resources Management, when their papers delivered at an international congress received the Best Paper Award in their respective categories.

Earlier this year Drs Retha Wiesner and Schalk Theron participated in the *Second Biennial International Conference on Advances in Management* (ICAM) in Calgary, Canada. Both delivered papers which resulted from research for their doctorate degrees. A total of 132 papers were delivered at this international congress.

After completion of the congress the best papers were elected in four of the eight categories. Two of these four awards were presented to Tukkie staff members.

The Best Paper Award was presented to Dr Schalk Theron in the category *International and Cross-Cultural Management.*

Dr Retha Wiesner's contribution in the category *Ethics and Values* also received the Best Paper Award. She delivered two papers, titled *Quality of work life: A paradigm shift in industrial psychology*, and *Flexible job design practices: New trends.*

Dr Theron's paper *Societal culture and management: The South African case* was tentatively accepted for inclusion in the ICAM book. ❖



*Acclaimed academics: Dr Schalk Theron and Dr Retha Wiesner each received the Best Paper Award in their respective categories at an international conference earlier this year.*

## Women of the year

Prof Ronel Erwee, Deputy Director: Research of the Graduate School of Management, was elected as one of the Business Women of the Year by the Pretoria Business Women's Club.

Prof Erwee and Dr Brenda Hattingh, a clinical psychologist, were named joint winners in the professional section. Mrs Seretha Durand, manager of a butchery, was elected as Corporate Business Woman of the Year. Mrs Willa Krause, owner of Argilla Pottery and manufacturer of her own skin care range, was elected Entrepreneur of the Year.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# bestuur kan ideale 'n werklikheid maak

Sou 'n mens gevra word om 'n ideale situasie in enige onderneming te skets, is daar 'n paar moontlikhede: Is dit dalk die een waar wins drasties verhoog word, terwyl produksie- en verspreidingskoste daal? Of is dit dalk dié een waar miljoene rande se besparings deur die werkerskorps self bewerkstellig word?

Miskien is dit die situasie waar uitmuntende verbetering in kliëntediens daartoe aanleiding gee dat 81% werkstyd gespaar word, wanneer die gemiddelde verwerkingstyd van dieselfde taak verminder word van 21 dae tot sowat vier dae?

Heel moontlik is dit 'n kombinasie hiervan, met 'n paar addisionele kenmerke soos daling in afwesigheid, afname in verliese en verkwisting en groter spanwerk.

Maar kan hierdie ideale situasies ooit bereik word?

"Beslis," sê dr Jan Visser, Uitvoerende Direkteur van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI). "Dit is nie net moontlik nie - dit ís reeds bereik. Vra maar vir ondernemings soos Bonnita (Edms) Beperk, Con Roux Beperk, Johannesburg Stadsraad (Boubeheer), Sasol Sintetiese Brandstowwe en Nissan SA. Hulle het vanjaar almal goue toekennings van die NPI ontvang vir hierdie suksesverhale van hulle ten opsigte van produktiwiteitsverhoging in hul ondernemings."

Produktiwiteit. Dit is die spil waarom alles draai. Dit is die goue draad wat deur al die suksesverhale loop, want dit is verhoogde produktiwiteit wat hierdie ideale situasies 'n werklikheid gemaak het in dié vyf goue ondernemings.

*Communiké* wou by dr Visser weet waar die geheim lê en watter wenke hy het vir enige onderneming wat produktiwiteit wil verhoog:

## Begin by bestuur

"Die geheim van verhoogde produktiwiteit lê by die bestuur van 'n onderneming. Produktiwiteit beteken nie dat werkers net harder of meer moet werk nie. Dit beteken veel eerder dat die regte ding die eerste keer reg gedoen moet word. Daarom begin produktiwiteit bó, by die bestuur van 'n onderneming," sê dr Visser.

Hy verduidelik verder: "Produktiwiteit behels drie begrippe, naamlik doeltreffendheid, doelmatigheid en benutting: Bestuur moet besluit of die regte ding (doeltreffend) gedoen word. Dit is immers bestuur wat die strategie en kultuur van 'n onderneming bepaal. Bestuur moet ook vasstel of die dinge reg (doelmatig) gedoen word en of die hulpbronne korrek aangewend word. Verder moet bestuur ook seker maak dat dinge die eerste keer reg gedoen word -



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

minder vermorsing beteken effektiewer benutting." Volgens dr Visser is produktiwiteit tans die grootste ekonomiese uitdaging in Suid-Afrika. Die belangrikste aspek van produktiwiteit is sekerlik die invloed wat dit op die algemene lewenstandaard van mense het.

'n Verhoging in lewenstandaarde - hoër reële lone, meer huise, beter skole en goedkoper gesondheidsorg - is slegs moontlik indien daar ook 'n ooreenstemmende verhoging in die algemene produktiwiteit van die land se mense is.

"Ons kan nie meer per mens verbruik tensy ons ook meer per mens produseer nie," verduidelik dr Visser. Hy wys daarop dat produktiwiteit sonder twyfel die belangrikste sleutel tot die sukses van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) is.

Maar wie is daarvoor verantwoordelik om hierdie sleutel te draai; om die deur na sukses oop te sluit en om hierdie uitdaging waarvoor Suid-Afrika staan, te oorbrug?

Dr Visser voer aan dat hierdie 'n bestuurstaak is: "Hierdie uitdaging lê suiwer voor die deur van die bestuur van alle ondernemings. Hulle moet in die eerste plek leiding neem om groter produktiwiteit in hul ondernemings te bewerkstellig, maar hulle moet ook seker maak dat hulle hul mense saamneem. Almal moet betrokke raak, want verhoging in produktiwiteit is 'n spanpoging," sê hy.

## Wenke wat werk

1. Skep 'n kultuur van deelnemende bestuur.
2. Gee erkenning aan dié wat dit toekom.
3. Meet alle in- en uitsette.
4. Laat almal deel in die welvaart.
5. Verskaf opvoeding en opleiding in produktiwiteit.



*Volgens dr Jan Visser, Uitvoerende Direkteur van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut, lê die geheim van verhoogde produktiwiteit by die bestuur van 'n onderneming.*

## Wenke wat werk

Alhoewel daar talle wyses is waarop produktiwiteit verhoog kan word, beklemtoon dr Visser vyf basiese wenke wat gevolg kan word deur die bestuur van ondernemings:

### 1 Skep 'n kultuur van deelnemende bestuur:

"Ek glo nie in die konsep van demokratiese bestuur nie, want dit beteken dat bestuur moet doen wat die meerderheid voorskryf. Waarin ek wel glo, is die konsep van leierskap en deelnemende bestuur," sê dr Visser. Hy beskryf deelnemende bestuur as 'n wyse waarop bestuur elke werknemer toerus en toelaat om besluite te neem wat sy of haar omgewing raak. Bestuurstyle en organisatoriese strukture moet dus van so 'n aard wees dat werknemers hul volle potensiaal kan bereik.

Die eerste stap na 'n verhoging in produktiwiteit begin dus wanneer die bestuur 'n kultuur van deelnemende bestuur en werkersbemagtiging binne die onderneming skep.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

## Gee erkenning aan dié wat dit toekom:

Deur doodgewoon erkenning te gee aan diegene wat goeie werk gelewer het, word nog 'n belangrike stap na verhoogde produktiwiteit geneem. Dr Visser beklemtoon dat hierdie erkenning nie noodwendig finansieel van aard moet wees nie.

"'n Opregte dankie of gelukwensing vir 'n knap stukkie werk beteken ongelooflik baie vir enige mens. Werkers wil weet dat bestuur hulle en hul werk raaksien. Daar is nie 'n belangriker motiveerder as juis dit nie," verduidelik dr Visser.

## Meet alle in- en uitsette:

"Bestuur moet weet waar hulle is en waarheen hulle wil gaan met die onderneming. Daarom is dit belangrik dat hulle metingsmetodes moet ontwikkel, sodat die in- en uitsette en ander fasette van die onderneming gemeet kan word en dat doelwitte gestel kan word," sê hy.

Volgens hom is dit slegs moontlik vir die bestuur om te bepaal of daar verandering plaasgevind het nadat sekere stappe geïmplementeer is, en of dié verandering 'n verbetering in die status quo van die onderneming is of nie.

## Laat almal deel in die welvaart:

'n Verhoging in die produktiwiteit gaan definitief groter welvaart skep. Bestuur moet van die staanspoor af besluit oor die verdeling van dié welvaart. Almal wat saamgewerk het aan die skepping van die welvaart, behoort te deel daarin. Die eienaar behoort 'n hoër opbrengs te kry, die kliënt behoort 'n laer prys te betaal en die werker behoort 'n hoër loon te kry.

"Sou 'n bestuur byvoorbeeld nie hul werkers laat deel in die welvaart nie, kan hulle 'n drastiese daling in produktiwiteit verwag. En met die volgende rondte gaan daar nie weer verdere welvaart wees om te verdeel nie," sê dr Visser.

> "Die geheim van verhoogde produktiwiteit lê by die bestuur van 'n onderneming. Produktiwiteit beteken nie dat werkers net harder of meer moet werk nie. Dit beteken veel eerder dat die regte ding die eerste keer reg gedoen moet word. Daarom begin produktiwiteit bó, by die bestuur van 'n onderneming."

## Verskaf opvoeding en opleiding in produktiwiteit:

Bestuur kan nie net aanvaar dat almal die konsep van produktiwiteit ken en begryp nie. Hulle het 'n plig om wanpersepsies hieroor uit die weg te ruim en om werknemers - van bestuurslede tot bodes - hierin op te lei.

"Bestuur moet seker maak dat almal in die onderneming 'n basiese insig in ekonomiese aktiwiteite het, en dat hulle die konsep van produktiwiteit verstaan," sê dr Visser. Hy wys daarop dat die NPI oor uitstekende opleidingsmateriaal beskik wat selfs die opleiding van ongeletterde mense akkommodeer.

"Geletterdheid, syferkennis en 'n basiese begrip van ondernemings en die ekonomie is die minimumvereistes vir 'n produktiewe gemeenskap. Bestuur moet dus toesien dat alle werkende mense, benewens werkkennis en -vaardighede, ook hierdie vaardighede bekom," verduidelik hy verder.


Dr Visser sluit af: "Verhoogde produktiwiteit is dus nie net moontlik in enige onderneming nie - dit is 'n noodsaaklikheid. Daar is nie 'n beter alternatief vir die oplossing van die ekonomiese probleme in ons land nie. Kry ons dít reg, kry ons alles reg." ❖

Dr Jan Visser is 'n oudstudent van die Fakulteit. Hy het in 1955 en 1959 onderskeidelik 'n BCom(Bedryfsekonomie) en 'n MCom-graad aan UP verwerf. Hy is steeds baie nou betrokke by Tukkies. Dr Visser is vanjaar weer as buitengewone professor in die Departement Ondernemingsbestuur aangestel.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# erkenning aan 'n **besondere** presteerder



*Die Nagraadse Bestuurskool het vanjaar erkenning gegee aan 'n besondere presteerder: mnr Mike Vosloo, Besturende Direkteur van Standard Bank, is as MBA-Oudstudent van die Jaar aangewys.*

Mnr Mike Vosloo, Besturende Direkteur van Standard Bank, is vanjaar deur die Nagraadse Bestuurskool as MBA-Oudstudent van die Jaar aangewys.

Die hele gedagte rondom só 'n toekenning het in 1991 ontstaan toe prof Tienie van Vuuren, destyds nog Direkteur, in samewerking met die bestuur van die Nagraadse Bestuurskool se Alumni-vereniging besluit het om op 'n jaarlikse basis erkenning te gee aan een van hul oudstudente wat besondere prestasies in die beroepswêreld behaal het.

Prof Nic Alberts, huidige Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, vertel meer hieroor: "Hierdie toekenning word nie gemaak op grond van 'n eenmalige prestasie nie. Dit word gebaseer op die ontwikkelingspad van 'n persoon sedert hy of sy aan die Nagraadse Bestuurskool studeer het."

Volgens prof Alberts word daar veral ook gekyk na die bydrae wat dié persoon in die algemeen tot die doeltreffende bestuur van ondernemings in Suid-Afrika gemaak het.

## Die beginjare

Mnr Mike Vosloo, 'n oudleerling van Pretoria Boys High School, behaal 'n BA-graad aan UP, en van 1963 tot 1965 voltooi hy die MBA-graad deeltyds aan Tukkies. Later studeer hy ook aan die Harvard Universiteit.

Sy werksloopbaan het in 1968 'n aanvang geneem met 'n aanstelling by die Reserwebank. Na 'n kort tydperk by beleggingsadviseurs sluit hy by Santambank aan. In 1970 word hy na die Bank van Johannesburg gesekondeer.

## Vinnig tot bo

Agt jaar voordat hy as Besturende Direkteur aangestel sou word, begin hy sy loopbaan by die Standard Bankgroep. In 1978 word hy aangestel as Bestuurder van Standard Merchant Bank. Kort daarna word hy aangestel as Uitvoerende Direkteur met die verantwoordelikheid vir alle bankfunksies.

Hy word in Januarie 1983 aangestel as Bestuurder: Korporatiewe Dienste van die Standard Bank van Suid-Afrika, waarna hy op 1 Julie 1984 tot Senior Bestuurder bevorder word.

Mike Vosloo beklee reeds sedert 1 November 1986 die pos van Besturende Direkteur van Standard Bank. Hy is ook 'n Uitvoerende Direkteur van Standard Bank Beleggingskorporasie Beperk. Verder dien hy ook in die rade van die belangrikste filiaalmaatskappye van die Standard Bank Groep, insluitend Standard Bank of London. ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# become a workwinner

Of the 400 000 people seeking employment in the formal sector last year, only one out of ten got a job. The others remained jobless or had to work for themselves."

- Dr Ben Vosloo, Managing Director, Small Business Development Corporation (SBDC).

Many students will have to face the cold reality when they graduate this year - there are not enough job opportunities available and there are many people competing for those opportunities that do exist. Competition is bound to be tough. That is why today's students need to acquire additional skills to enable them to win in the work game.

It is against this background that the Faculty of Economic and Management Sciences decided to present a Workwinners' Day earlier this year. The aim was twofold: to advise those students seeking employment on how to become successful job seekers, and to give practical tips to prospective job creators on how to start their own businesses.

"Our students are well-educated and ready to meet the challenges that await them. However, we did think it necessary to provide them with additional know-how to ensure that they become workwinners - either as job seekers or as job creators," says Prof Sieg Marx, Dean of the Faculty.

The Faculty presented its Workwinners' Day in cooperation with Mrs Emsie Schoeman, the SBDC and the Pretoria Business Women's Club. Old Mutual sponsored the event.

### Be a realist - and believe in miracles

As guest speaker, Dr Ben Vosloo of the SBDC spoke about entrepreneurship. According to him, countries with a high growth percentage are those who allow for entrepreneurial spirit to flourish. "This had led to entrepreneurship gaining ground worldwide," he said. He urged students to become job creators, to follow their dreams and to start their own businesses.

Quoting Dr Anton Rupert, Chancellor of the University of Pretoria and one of the most successful entrepreneurs and businessmen in South Africa, Dr Vosloo told the students that "he who doesn't believe in miracles is not a realist."

Three successful entrepreneurs were also invited to share their secrets for success. Ms Marita Nienaber of Exotico Vivente, Mr Martin Engelbrecht of Gift Acres and Mr André Mullen of Computer Power



*Workwinners in their own right: Ms Marita Nienaber of Exotico Vivente, Dr Maureen Barnard, Chairman of the Pretoria Business Women's Club and Mrs Emsie Schoeman, entrepreneur and business woman.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

User Systems (CPU Systems) CC, each had their own tale to tell. But the central message remained the same: Believe in yourself and in what you do, then go out and do it!

Judging from their success stories, they should know what they are talking about. Marita Nienaber was voted Entrepreneur Business Woman 1993, while Gift Acres owner Martin Engelbrecht was voted, amongst others, SA Junior Small Business Winner (National) 1993/1994 and regional winner of the AHI/Old Mutual/Rapport Business Person of the Year.

## Join the professionals

The Chairman of the Pretoria Business Women's Club, Dr Maureen Barnard, invited all potential women entrepreneurs to make use of their support network. She highlighted some of the advantages that this can offer, including getting into touch with role models, free advertisement at meetings as well as in the Club's monthly newsletter and a country-wide competition to motivate and encourage business women.

Dr Barnard urged the students to forget the idea that they can only do what they have been trained for. "But," she said, "if you have a business idea, don't plunge in and make mistakes others have learnt from. Come and test your ideas over lunch at the Club's monthly meeting and learn from other's mistakes."

## Do you have what it takes?

The students were asked to test themselves to see whether they have what it takes to be entrepreneurs.

They were told that a good entrepreneur has initiative and the ability to work independently; a positive image; the ability to guide others and organisational and problem-solving skills. It is also someone who is goal orientated, who can persevere and who is ready to take calculated, intelligent risks. During the tea-break the students had the opportunity to look at a number of exhibitions and to talk to some of the successful entrepreneurs. Following this, Mrs Emsie Schoeman delighted students and exhibitors alike with her presentation on how to apply for a job.

She gave practical tips on how to write a CV, what to wear to a job interview, and how to behave during the interview itself. She advised the students on the type of questions they can expect and on how to answer them. Mrs Schoeman also highlighted the fact that students should prepare their own questions to put to the interviewer.

Judging by the feedback, the event was a huge success and our students definitely benefited from it. And based on this, the Faculty has decided to make the Workwinners' Day an annual event. ❖


BESTUURSOPLEIDING

**MBA**

**Deeltyds**: 3 jaar
Kontakonderrig
(Afrikaans)

**Blokweke**: 2 jaar
(Engels)

**Senior Bestuurs-program**

5 een week opleidingsmodules vir middelbestuursvlak

Universiteit van Pretoria

**Ander Kursusse**

- Bestuursontwikkelingsprogram
- Bestuursprogram
- Bemarkingsbestuur
- Vroue as bedryfsleiers
- Finansiële bestuur vir nie-finansiële bestuurders
- Ander kursusse op aanvraag

**(012) 420-3380 / 420-3339**

**Faks: (012) 43-7223**



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Departement
# bemarkings-
# en Kommunikasiebestuur

Reeds 25 jaar leiers in Bemarkingsopleiding
Sedert 1993 ook op die voorpunt van opleiding in Kommunikasiebestuur

- BCom
- BCom Honneurs
- Gedoseerde MCom
- DCom

Skakel Prof Gustav Puth by (012) 420-3395 om meer uit te vind oor uitnemende opleiding in Bemarkings- en Kommunikasiebestuur




OGILVY & MATHER, RIGHTFORD, SEARLE-TRIPP & MAKIN 647421

IS JOU GELD SO INTELLIGENT SOOS JY?

Vir suksesvolle professionele mense is een van die harde werklikhede dat dit dikwels baie makliker lyk om geld te maak as om dit doeltreffend te bestuur.

Soveel van jou dagtaak bestaan uit die werk self, dat besluite oor waar jou geld die beste werk, soms oorhaastig geneem word. Dit is waar ons kan help.

By Nedbank se takke is persoonlike bankiers wat regstreeks saam met jou werk om 'n plan te ontwerp wat presies aan jou behoeftes voldoen.

Nou en ver in die toekoms.

Dalk bestaan dit uit 'n verpersoonlikte tjekrekening, individuele krediet-fasiliteite, 'n huislening, 'n spesiale bruikhuurreëling, beplanning vir aftrede of ons intelligente elektroniese bankfasiliteite. Wat dit ook al is, die plan is geheel en al joune.

Bowenal geniet jy die vryheid om met jou werk aan te gaan in die veilige wete dat jou finansies net so hard werk soos jy.

SUID-AFRIKAANSE OLIMPIESE SPAN

AMPTELIKE BORG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OLIMPIESE SPAN

NEDBANK
AS JY ERNSTIG IS OOR GELD

'n Afdeling van Nedcor Bank Bpk (Reg No 51/00009/06)



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010





## Vestig jou besigheid by Persequor Technopark en lê die grondslag vir 'n blink toekoms

By Persequor Technopark word jou besigheid op vaste fondamente gebou. Hier voeg jy jou by die uitgelese geselskap van ander hoëtegnologie ondernemings wat aktief betrokke is op gebiede wat wissel van elektronika, rekenaars en gevorderde meganika tot lasers en gespesialiseerde advies- en bestuursdienste. Terwyl jy munt slaan uit 'n unieke interaksie met die Universiteit van Pretoria, geniet jy 'n onoortreflike werksomgewing in 'n pragtige parklandskap.

**Skakel (012) 329 3180 of faks (012) 329 3430 vir besonderhede oor die ideale ligging. Of skakel die Parkdirekteur by tel. (012) 420 3067.**

Universiteit van Pretoria
PERSEQUOR TECHNOPARK

**D r i n g   a a n   o p   d i e   a l l e r b e s t e   a d r e s**

WESSEL 7476/a

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# tukkie-studente en hul geldsake

Die stygende koste van klas- en losiesgelde en ander items veroorsaak groot hoofbrekens aan veral ouers. Hoe word studies bekostig, uit watter bronne put studente hul inkomste en waarop word dié geld hoofsaaklik bestee? Hierdie en ander vrae word ondersoek in 'n verslag wat vanjaar deur die Buro vir Finansiële Analise (BFA) vrygestel is.



*Al ooit gewonder waar studente hul geld kry en hoe hulle dit bestee? Prof Leon Brümmer, Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise het pas 'n verslag oor die inkomste en bestedingspatrone van Tukkie-studente vrygestel.*

Dié verslag handel oor die inkomste en bestedingspatrone van meer as 1 000 voorgraadse voltydse Tukkie-studente ten opsigte van 1993. Dit bevat 'n magdom finansiële en ander inligting wat veral deur studente en hul ouers baie nuttig gebruik kan word, maar wat ook vir die Universiteitsowerheid en sakelui van Pretoria insiggewend sal wees.

"Daar is bereken dat die totale koopkragwaarde van die 14 800 voltydse voorgraadse Tukkie-studente in 1993 ongeveer 258 miljoen beloop het. Die addisionele koopkrag van nagraadse en Tuks na 5-studente is nie hierby ingereken nie. Alhoewel 'n groot deel van dié bedrag aan klas- en losiesgelde bestee is, gee dit ook 'n goeie aanduiding aan die sakelui van die koopkrag van Tukkiestudente," sê prof Leon Brümmer, Direkteur van die BFA.

Prof Brümmer wys daarop dat die 1993-opname 'n opvolg is van 'n soortgelyke opname wat die Dekaan, prof Sieg Marx in 1983, destyds nog as Hoof van die Departement Bedryfsekonomie, onderneem het. "Die ontwikkeling van die Volkskassentrum en Hatfield Plaza naby die Tukkie-kampus is juis gedoen op grond van prof Marx se verslag in 1983," sê prof Brümmer.

Geen vergelyking tussen die 1983 en die 1993-opnames is getref nie. Maar wat die 1993 opname betref, kan enkele interessante brokkies statistiek genoem word.


Wat die inkomstebronne betref, het prof Brümmer en sy span bevind dat die totale gemiddelde inkomste per student uit alle bronne nagenoeg R16 400 vir die universiteitsjaar beloop het. Hulle het ook bevind dat ouers of voogde se bydrae van 53% verreweg die belangrikste bron was, gevolg deur deeltydse/voltydse werk (17%), beurse (15%) en lenings (11%).

Prof Brümmer wys daarop dat die totale gemiddelde jaaruitgawes nagenoeg R15 000 bedra. Hy verduidelik wat onder die begrip jaaruitgawes verstaan word: "Dit is uitgawes wat slegs een maal of by 'n paar geleenthede per jaar geskied."

Volgens hom toon die opname dat ses uit 'n totaal van 19 gelyste items gesamentlik meer as 81% van dié uitgawes verteenwoordig. Klasgelde was die hoogste teen 40%, gevolg deur verblyf (17%), etes (9%), opvoedkundig (8%)



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010





*Persentuele ontleding van totale inkomste per bron van 917 studente vir die Universiteitsjaar 1993.*

en klerasie en skoeisel (7,5%). "Die totale gemiddelde besteding per universiteitsmaand het R270 bedra vir vroue- sowel as mansstudente," sê prof Brümmer. Ses uit 'n totaal van 18 gelyste items het gesamentlik 61% van hierdie besteding verteenwoordig. Dié ses items was in rangorde snoeperye, persoonlike versorging, vermaaklikheid, uit-etes, kerkbydraes en kommunikasie.

Volgens prof Brümmer toon 'n persentuele ontleding van die gebruik van nege soorte kredietfasiliteite, sewe soorte gelddienste en 13 gelyste finansiële instellings en die beskikbaarheid van eie vervoermiddels, dat:

- 19% van die respondente geen een van die kredietfasiliteite en 2% van hulle geen een van die gelddienste gebruik het nie, terwyl 18% nie oor 'n eie vervoermiddel beskik het nie;
- die kredietfasiliteite waarvan die meeste gebruik gemaak is, boekrekenings, studentelenings, klererekenings, apteekrekenings en kredietkaarte insluit;
- die twee soorte gelddienste wat deur besonder baie respondente gebruik is, spaarrekenings by banke (88%) en kitskaarte (80%) is;
- slegs ses van die betrokke finansiële instellings wat gelys is deur meer as 10% van die respondente gebruik was. In rangorde is dié instellings Volkskas, Standard, United, Trust Bank, Eerste Nasionale Bank en Nedbank. Allied, Saambou, Perm en die Poskantoor se gelddienste is deur slegs 2% tot 4% van die respondente gebruik, terwyl die gebruik van die oorblywende drie gelyste en "ander" instellings minder as 1% elk was;
- motors verreweg die belangrikste vervoermiddel is (67%), gevolg deur fietse (28%), bakkies (4%) motorfietse (3%) en bromponies (2%).

"Die opname het ook getoon dat die belangrikste medium wat as inligtingsbron vir respondente se aankope




*Persentuele ontleding van totale besteding per item deur 1 021 studente vir die kalenderjaar 1993.*




*Persentuele ontleding van die gemiddelde besteding per universiteitsmaand deur 1 021 studente vir 1993.*

gedien het, mondelinge kommunikasie met kennisse en vriende was," sê prof Brümmer.

Uit 'n lys van tien media wat op 'n basis van baie nuttig, nuttig en van geen nut beoordeel moes word, is televisie en radio onderskeidelik in die tweede en derde plek geplaas. Buitelugadvertensies asook pamflette en punt van verkope advertensies is as die ongewildste van die tien media geïdentifiseer.

Onderrigtaalvoorkeur is ook gemeet tydens dié opname. "Geen een van die drie huistaalgroepe het 'n ander onderrigtaalvoorkeur as of Afrikaans of Engels aangedui nie, terwyl 35% van die andertaliges, 19% van die Engelstaliges en 5% van die Afrikaanstaliges geen spesifieke voorkeur ten opsigte van Afrikaans of Engels as onderrigtaal het nie," sê prof Brümmer. ❖

*Dié verslag, wat meer as 250 bladsye beslaan, is teen 'n nominale bedrag van R10 beskikbaar. Skakel gerus prof Leon Brümmer by (012) 420-3371 indien u belangstel.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# wetenskaplikes

"Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gaan sy bestaande onderrigstandaarde handhaaf. Dit is immers ons plig om jong wetenskaplikes te vorm – mense wat 'n daadwerklike bydrae in die toekoms van Suider-Afrika kan lewer." Dit is die standpunt van die Dekaan, prof Sieg Marx, oor die onderrig wat die Fakulteit bied.

Die uitdaging waarvoor die Fakulteit egter in die nuwe Suid-Afrika te staan kom, is om standaarde te handhaaf en terselfdertyd meer toeganklik te wees vir almal met potensiaal. "Ons het hierdie uitdaging aanvaar en strategieë gevind waarmee ons die doel kan bereik," vertel prof Marx.

Hy verduidelik: "Die vennootskap tussen die Fakulteit en Nasionale Kolleges is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Voornemende studente wat nie aan ons toelatingsvereistes voldoen nie, word na die Nasionale Kolleges verwys. Hulle kan dan korrespondensiekursusse volg wat goedgekeur is deur die Universiteit, en sodoende tot op die Fakulteit se toelatingsvlak vorder.

Prof Marx wys verder daarop dat die Fakulteit ook markgedrewe is: "Daarom ontwikkel ons voortdurend nuwe produkte en bied ons ook, waar moontlik, onderrig in Engels aan."

## Internasionale erkenning

Een van die nuwe produkte wat van 1994 aangebied word, is die BCom(Finansiële Rekeningkunde). Hierdie graad bied geleentheid aan diegene wat belangstel in die rekeningkundige professies maar wat nie noodwendig 'n geoktrooieerde rekenmeester wil word nie, om ook 'n professionele kwalifikasie te verwerf wat internasionaal erken word.



*Me Anthea Rose, Uitvoerende Bestuurder van ACCA: Die erkenning wat hierdie internasionale rekeningkundige vereniging aan Tukkies se nuwe BCom (Finansiële Rekeningkunde)-graad verleen, plaas 'n internasionale kwalifikasie gemaklik binne ons studente se bereik.*

Prof Quintus Vorster, Hoof van die Departement Rekeningkunde, vertel waarom hierdie nuwe spesialiseringsrigting vanjaar ingestel is:

"Dit het alles begin nadat die *Chartered Association of Certified Accountants* (ACCA), 'n internasionale rekeningkundige vereniging gebaseer in Londen, onlangs weer betrokke geraak het in Suid-Afrika. ACCA bied 'n professionele loopbaan aan voornemende rekenmeesters wat as gesertifiseerde rekenmeesters wil kwalifiseer. Aangesien die ACCA-kwalifikasie internasionaal erken word, het die Departement Rekeningkunde die inisiatief geneem om 'n BCom-graadkursus spesiaal vir die doel te ontwerp."

Die struktuur van die BCom(Finansiële Rekeningkunde)-kursus is reeds in 1993 aan ACCA voorgelê. Me Anthea Rose, Uitvoerende Bestuurder van ACCA, is ook tydens 'n besoek verlede jaar meer breedvoerig ingelig oor die voorgenome kursus.

Die sukses van die Departement Rekeningkunde se inisiatief blyk duidelik uit ACCA se reaksie. Hierdie internasionale professionele liggaam het nie alleen die BCom(Finansiële Reke-



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

ningkunde)-spesialiseringsrigting goedgekeur nie, maar het ook toestemming verleen dat Tukkie-studente wat die graad verwerf, vrystelling van tien van die 14 vraestelle van ACCA ontvang. Tukkies is die eerste universiteit in Suid-Afrika wat soveel vrystellings kry - gewoonlik word slegs 'n maksimum van agt vrystellings verleen.

"Dit beteken dat 'n internasionale professionele kwalifikasie gemaklik binne ons Tukkie-studente se bereik is. Na verwerwing van hul BCom(Finansiële Rekeningkunde)(Hons)-graad hoef studente slegs die laaste vier vraestelle van ACCA in een sitting te skryf om dié kwalifikasie te verwerf," verduidelik prof Vorster.

Hy wys verder daarop dat die toelatingsvereistes vir BCom(Finansiële Rekeningkunde) dieselfde is as dié van die meeste ander BCom-rigtings in die Fakulteit. "Ons glo dat standaarde nie noodwendig bepaal word met die intreevlak nie, maar veral met die uittreevlak," sê hy.

Volgens prof Vorster is daar egter ook gepoog om hierdie graad meer toeganklik te maak vir voornemende studente met potensiaal. Daarom word die rigting ook in Engels en deeltyds (as deel van die Tuks na 5-program) aangebied.

Maar dit is veral ook meer toeganklik gemaak deur 'n vennootskap wat met Nasionale Kolleges gesluit is. Prof Vorster verduidelik: "Potensiële studente wat nie aan ons toelatingsvereistes voldoen nie, kan nou 'n tweejaar-korrespondensiekursus in Rekeningkunde deur Nasionale Kolleges voltooi. Na verwerwing van die *Cer-*




*Student-wees behels méér as net klasdraf, jool, bokjolle, eksamens en sonde met die (koshuis) bure. Dit bied geleentheid waar jongmense gevorm kan word as wetenskaplikes, sodat hulle 'n daadwerklike bydrae in die samelewing kan lewer.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

*tificate in Accountancy* kan hierdie studente toegelaat word tot die tweede jaar van die BCom(Finansiële Rekeningkunde)-kursus."

## A special product

Another new product introduced by the Faculty of Economic and Management Sciences in 1994, is the BCom(Special choice), offering English-speaking students the opportunity to obtain a BCom degree at the University of Pretoria. All the basic BCom subjects are presented in English.

What makes this degree even more special, is the fact that it allows students to present certain subjects offered by the Faculty of Arts for a BCom degree. Students can, for example, offer Sociology or a language course like Northern Sotho, Tswana, Zulu, German, French, English or Afrikaans as part of the BCom(Special choice) degree package.

According to the Dean, Prof Sieg Marx, the introduction of this degree course was necessitated by the growing number of prospective students from other cultural groups enroling for a BCom degree at the University of Pretoria, as well as by requests from opinion leaders in the private and public sector.

## Taking it a step further

The Faculty has also introduced new products as far as postgraduate courses are concerned - again with the underlying motivation of meeting the needs of the broader community.

To help alleviate the shortage of managers in South Africa, the Faculty has added new dimensions to its management training, both for the private and public sector:

## Leadership training for the private sector

The Graduate School of Management has introduced a modular MBA programme which is presented in English. Since the part-time MBA is only presented in Afrikaans, the introduction of this modular programme in 1994 has opened up new opportunities for English-speaking students to study MBA at the University of Pretoria.

"The Faculty has also introduced new products as far as postgraduate courses are concerned – again with the underlying motivation of meeting the needs of the broader community."

According to the Director, Prof Nic Alberts, the adaptation of the MBA course content and structure in recent years has been done to ensure relevant management training for Southern Africa.

"Our MBA programme - both part-time and modular - includes compulsory courses such as financial management, human resources, marketing and technology management. After completing these initial courses, students specialise in one of these areas according to preference. But topping this study programme is a business policy and leadership programme," he says.

Prof Alberts explains that they plan to extend this leadership training right down to early study modules: "We want to start with personal development programmes which equip a student with communication skills, knowledge on how to prepare for meetings and presentations, and the ability to present proposals to top management."

He emphasizes that the Graduate School aims to do more than just equip their students for a place in a large enterprise. "We also want to place more emphasis on small and medium enterprises, especially since these entities have been identified as prime vehicles for job creation and empowerment by the new government."

## Management training for the public sector

The need for management training for the public sector has increased dramatically in recent years. At Tukkies, the recently-established School for Public Management and Administration (SPMA) strives towards fulfilling this need.

In fact, the very existence of this School bears testimony to the fact that the University of Pretoria aims to keep pace with the changing demands and training needs of the public sector in South Africa.

For example, there are currently many employees in the public sector with diverse undergraduate qualifications. Once these employees enter



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

managerial positions, they might find that their duties as managers demand expertise that would normally not have been included in the undergraduate study.

In order to equip these employees with managerial know-how, the SPMA has re-introduced the Master in Public Administration(MPA) degree in 1994.

The MPA degree is an internationally accepted postgraduate qualification. And with its management orientated approach, the MPA degree offers first-class training for managers in the public sector.

The SPMA also offers the University Diploma in Public Administration in order to equip the public sector manager, who does not have any other university qualification, with basic management skills.

## Gestruktureerde nagraadse programme vir 1995

Die nagraadse programme wat gedurende 1995 in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied gaan word, sluit ook enkele gedoseerde magisterprogramme in:

### Gedoseerde MCom(Kommunikasiebestuur):

Die eerste gedoseerde magisterprogram in Kommunikasiebestuur word volgende jaar aangebied. "Die voordeel van die gedoseerde program is dat die studente steeds navorsingskundigheid verkry deur die uitvoer van 'n navorsingskripsie, maar dat daar nou 'n sterk vakgerigte wetenskap-filosofiese begronding bykom," sê prof Gustav Puth, Hoof van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur.

Skakel hom gerus by (012) 420-3395 vir nadere inligting. Magisterkandidate het steeds die keuse om 'n verhandeling in plaas van die gestruktureerde program in Kommunikasiebestuur te voltooi.

### Gedoseerde MCom(Bemarkingsbestuur):

Magisterkandidate vir die MCom (Bemarkingsbestuur)-graad het ook van 1995 die keuse om of die gedoseerde of die verhandelingsroete te volg.

Belangstellendes kan prof Adré Schreuder van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur by (012) 420-2306 skakel vir nadere inligting.

### Gedoseerde MCom(Belasting):

Prof Willem Buys van die Departement Rekeningkunde bied in 1995 weer 'n gedoseerde MCom(Belasting)-graad aan.

Kandidate wat daarin belangstel om as belastingspesialiste opgelei te word, kan hom gerus skakel by (012) 420-3420 vir nadere inligting.

### Gedoseerde MCom(Rekeningkundige Wetenskappe):

Vir diegene wat as finansiële deskundiges opgelei en afgerond wil word in Belasting, Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Rekeningkunde, bied die Departement Rekeningkunde in 1995 weer 'n gedoseerde MCom(Rekeningkundige Wetenskappe)-program aan.



*Prof Willem Buys van die Departement Rekeningkunde bied in 1995 weer 'n gedoseerde MCom(Belasting)-graad aan.*

Prof Quintus Vorster sal graag nadere inligting verskaf. Sy telefoonnommer is (012) 420-2422.

### Eiesoortige mentorstelsel:

Die Departement Rekeningkunde bied in 1995 ook 'n verhandelingprogram in MCom(Belasting) en MCom en DCom(Rekeningkundige Wetenskappe) aan.

Kandidate wat verkies om aan hierdie program deel te neem, ontvang ook in 'n groot mate gestruktureerde opleiding. 'n Unieke mentorstelsel maak dit vir nagraadse verhandeling-studente moontlik om, in vennootskap met die Departement, te deel in die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis.

Skakel gerus vir prof Daan Gouws by (012) 420-3411 vir nadere inligting. ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Maak jou werknemers meer produktief met 'n Universiteitsonder beroepsgerigte kw

*Nasionale Kolleges, ondersteun deur die U kursusse aan deur afstandonderrig.*

Werknemers onder jou beheer het nou groter toegang tot universiteitsondersteunde opleiding. Nasionale Kolleges, in samewerking met die Universiteit van Pretoria, ontwikkel tans akademies gefundeerde beroepsgerigte opleidingsprogramme wat daarop gerig is om werknemers volgens die behoeftes van die bedryf beter te bekwaam. As jy dus 'n sê het in sake, vertel jou personeel van die kursusse wat Nasionale Kolleges landswyd sal aanbied. Lyceum, Sukses en Mentor bring universiteitsondersteunde onderrig nou op 'n bekostigbare wyse binne bereik van almal. Om in die groeiende behoeftes van beroepsgerigte onderrig te voorsien, bied -

Universiteit van Pretoria

NASIONALE KOLLEGES

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# steunde
# alifikasie.

*niversiteit van Pretoria, bied nou landswyd*

■ Mentor Sake- en Rekenaarskool stap-vir-stap-kontakonderrig (PWV-gebied).

■ Lyceum en Sukses uitnemende beroepsopleiding landswyd deur middel van afstandonderrig. Doen nog meer vir jou werknemers deur hulle in staat te stel om 'n kwalifikasie van Nasionale Kolleges te bekom. Die tersiêre kwalifikasie geniet wye erkenning en bied nuwe moontlikhede vir die sinvolle voortsetting van universiteitstudie. Skakel die Registrateur vir 'n prospektus oor ons loopbaangerigte kursusse.



*Dr Thys Herbst*
*Studiedirekteur*
LYCEUM
*(011) 403 3620*



*Mnr André du Toit*
*Studiedirekteur*
SUKSES
*(011) 403 3650*



*Dr Pieter de Bruyn*
*Direkteur*
MENTOR
*(011) 403 1387*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n strategiese toekomsbenadering

Die toenemende vraag na opleiding in bemarkings- en kommunikasiebestuur by Tukkies het aanleiding gegee tot die stigting van 'n eie Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur in 1994.

Prof Gustav Puth, wat voorheen verbonde was aan die Departement Ondernemingsbestuur, is as die eerste departementshoof aangestel. *Communiké* het met hom gesels oor hoe hy sy rol in die nuwe Departement sien:

"Dit is 'n illusie om te dink dat die ekonomiese toekoms van ons land alleen geleë is in groot korporatiewe ondernemings. Daarom kan ons nie net bemarkings- en kommunikasiespesialiste oplei vir die korporatiewe mark nie. Ons moet ons studente veral ook voorberei om direk na hul studies 'n eie onderneming te kan begin en om self werkskeppers te word."

Só gesels prof Gustav Puth, wat in Oktober vanjaar as Hoof van die nuwe Departement aangestel is. Oor sy span sê hy: "Ons is in alle opsigte 'n jong departement. Die gemiddelde ouderdom van my personeel is maar 29 jaar. Dit maak hulle besonders. Hulle het vuur, dryfkrag en groot entoesiasme - hulle trek as't ware aan die stang."

Luister 'n mens na hul toekomsplanne, is dit duidelik dat hy baat gaan vind by die jong bloed. Verandering is onafwendbaar en hierdie Departement gaan nie daarvoor stuit nie.

"My grootste prioriteit as departementshoof gaan wees om Tukkies se bemarkings- en kommunikasiebestuursopleiding relevant en aktueel te maak in die Suid-Afrikaanse konteks, en om dit so te hou. Daarom het ek 'n span nodig om te help sodat ons pro-aktief leiding kan neem op ons vakgebied," sê hy.



*Prof Gustav Puth (middel voor), Hoof van die nuwe Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, saam met sy dinamiese personeelspan. "Ons gaan saam werk om pro-aktief leiding te neem op ons vakgebied," sê hy.*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Volgens prof Puth behels een van die belangrikste veranderinge juis 'n klemverskuiwing in hul opleiding. Die klemverskuiwing behels twee sake - groter klem op strategiese beplanning en 'n holistiese bestuursbenadering.

Hy verduidelik: "Ons studente moet in staat wees om realistiese doelwitte te kan stel en om operasionele stappe te kan implementeer om daardie doelwitte te bereik. Hulle moet ook bewus wees van die interaksie tussen al die verskillende bestuursfunksies."

Hierdie Tukkie-studente kry dus veel meer as net spesialis-opleiding in bemarkings- en kommunikasiebestuur. Hulle word ook wyd genoeg onderlê om hul vaardighede as bestuurder toe te pas in 'n kleiner of eie onderneming. En hul opleiding berei hul juis voor vir 'n eiesoortige bestuursbenadering.

Prof Puth wys daarop dat bemarkings- en kommunikasiebestuurstudente tipies in staat is om vooruitskouend te werk; om te fokus op 'n visie wat nog nie bestaan nie.

"Anders as die tradisionele bestuurder wat sterk klem plaas op gelewerde finansiële state van die verlede, wil ons bestuurders oplei wat in staat is om - as korporatiewe spesialis of as bestuurder van 'n eie onderneming - visionêre strategiese beplanning vir die toekoms te kan doen," sê prof Puth.

## Ervaring wat tel

Prof Gustav Puth het 'n unieke kombinasie van meer as 20 jaar se akademiese en praktiese ervaring op die terreine van bemarkings- en kommunikasiebestuur.

Gedurende sy studie- en beroepsloopbaan was hy onder meer betrokke by die Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die *University of Illinois* in die VSA, die RGN, die Mortimer Tiley reklame-agentskap en die Universiteit van Pretoria.

Hy is in 1987 as Direkteur van die RGN se Buro vir Skakeling en Bemarking aangestel. In 1990 het hy as professor in Bemarkings- en Kommunikasiebestuur by Tukkies se wenspan aangesluit. ❖

---

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
**FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**
**OUDSTUDENTE : ADRESINLIGTING**

Die Fakulteit wil graag kontak behou met al sy oudstudente.* As u 'n oudstudent van hierdie Fakulteit is, wil ons graag u besonderhede ontvang. Let asseblief daarop dat u onder geen finansiële verpligting geplaas word nie. *Communiké* en ander relevante inligting word gratis aan ons oudstudente gestuur. Voltooi asseblief hierdie vorm en stuur dit aan ons. Indien u 'n adresverandering onder ons aandag wil bring, kan u ook hierdie vorm gebruik. Pos of faks dit aan:

Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA, 0002, Faks (012) 342-2431. U is welkom om mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte, by tel (012) 420-3328 te skakel indien u enige navrae het..

Besonderhede van oudstudent: (Verstrek asseblief u besonderhede volledig in drukskrif)

Titel: ............ Voorletters: ............................................ Van: ............................................................................

Noemnaam: ................................................................ Nooiensvan: ................................................................

Geboortedatum: ........................................................... Identiteitsnommer: ......................................................

Geslag: ......................................................................... UP Studentenommer: ...................................................

Taalvoorkeur (Afr/Eng): ................................................. Voorkeuradres (Pos/Huis/Werk): ....................................

Graad of diploma aan Tukkies verwerf: Jaar verwerf: ................................................................

1. ............................................................................... ...............................................................................

2. ............................................................................... ...............................................................................

3. ............................................................................... ...............................................................................

Posadres: ..................................................................... Tel: (W) ( ) ..............................................................

................................................................................... Tel: (H) ( ) ..............................................................

.........................................................Kode: .......... Faks: ( ) ..............................................................

Huisadres: .................................................................... Werkadres: ...................................................................

................................................................................... ...............................................................................

.........................................................Kode: .......... ..........................................................Kode: ...........

Huidige werkgewer: ...................................................... Posbenaming: ..............................................................

Enige kommentaar: ..........................................................................................................................................


.........................................................................................................................................................................

* 'n Oudstudent van die Fakulteit is iemand wat: 'n BCom- of BAdmin-graad of 'n diploma aan UP verwerf het; of 'n nagraadse kwalifikasie aan dié Fakulteit behaal het; of een suksesvolle studiejaar aan die Fakulteit voltooi het; of 'n ander graad of diploma aan Tukkies of 'n ander universiteit verwerf het, maar drie jaar of meer in diens van dié Fakulteit was. Pos of faks (012 342-2431) asseblief die vorm aan bostaande adres terug.

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# die hoogste rang

**Verskeie nuwe personeel het vanjaar deel van die Fakulteit se wenspan geword. *Communiké* fokus op diegene wat as professore by ons aangesluit het:**



*Hy mag dalk 'n lang verbintenis met die PU vir CHO en die RAU gehad het, maar sedert sy aanstelling op 1 Julie 1994 in die Departement Rekeningkunde is prof Daan Gouws klaar tuis en deel van die Fakulteit se wenspan.*

## Navorsing is sy pitkos

"'n Voormalige professor en Direkteur: Navorsing en Ontwikkeling van die Randse Afrikaanse Universiteit, prof Daan Gouws, is op 1 Julie 1994 as professor in Tukkies se Departement Rekeningkunde aangestel.

Prof Gouws praat geesdriftig oor sy toekomsplanne: "Ek vereenselwig my heeltemal met die filosofie en visie van my nuwe Departement. Ons leuse is: Finansiële uitmunters - in tred met die tyd. En ek glo ek kan 'n bydrae maak tot die uitlewing hiervan."

Een manier waarop dit moontlik gemaak gaan word, is met die instelling van die beoogde Rekeningkundige Navorsingseenheid (RENA) in die Departement. Prof Gouws sal aan die hoof van hierdie Eenheid staan.

"Ons doel met RENA is om deur middel van relevante rekeningkundige navorsing nuwe kennis te skep wat nasionaal en internasionaal erkenning sal geniet," sê hy.

Daan Gouws is 'n oudstudent en dosent van die PU vir CHO. Hy was vir meer as 20 jaar aan dié Universiteit verbonde voordat hy in 1990 by RAU aangestel is.

Benewens sy akademiese loopbaan, professionele betrokkenheid, navorsing, publikasies en lidmaatskap aan verskeie professionele verenigings, is hy ook 'n kranige muurbalspeler wat reeds provinsiale kleure verwerf het.

## Arbeider kry sy loon

"Ek glo akademici het 'n plig om die man op straat ingelig te hou - om die praktiese implikasies van nuwe wetgewing en van ontwikkelinge op die veld van arbeidsverhoudinge deur te dra aan die algemene publiek. Dít is mos gemeenskapsdiens - en ek wil my daarvoor beywer: die publiek moet hulle regte en pligte binne die saketerrein ken en verstaan. Só kom ons nader aan groter arbeidsvrede in Suid-Afrika."

Aan die woord is prof Piet Nel, wat op 1 Januarie 1994 as professor in Arbeidsverhoudinge en Werkkragbestuur in die Nagraadse Bestuurskool aangestel is.

Te oordeel aan sy interaksie met die sakesektor en die aantal boeke op dié vakgebied wat reeds uit sy pen



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Welkom aan prof Daan Gouws, prof Piet Nel, prof Adré Schreuder en prof Marita van Niekerk.



*Prof Piet Nel, 'n kundige op die gebied van Arbeidsverhoudinge en Werkkragbestuur, is sedert 1 Januarie 1994 verbonde aan die Nagraadse Bestuurskool.*

verskyn het, doen prof Nel sy woord gestand. Hy is onder meer medeouteur van die boeke *Mannekragbestuur* (tans die beste verkoper in Suid-Afrika in dié vakgebied); *South African Industrial Relations, Theory and Practice* ('n voorgeskrewe werk aan verskeie universiteite en technikons); *Successful Labour Relations - guidelines for practice;* asook *Human Resources Management* (twee nuwe publikasies wat vanjaar verskyn het).

Prof Nel is tans besig met navorsing na die interpretasie en toepassing van die Wet op Landbou-arbeid (Wet 147 van 1993). "Hierdie wet het 'n totaal nuwe impak op die arbeidsterrein, wat maar net een faset van die arbeidsverhoudinge-studieveld is," verduidelik hy.

Piet Nel het in 1983 sy DCom-graad in arbeidsverhoudinge aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. Hy was dan ook sedert 1985 as professor in Arbeidsverhoudinge en Mannekragbestuur aan dié Universiteit verbonde.

## Uitblinker in bemarkingsbestuur

Hy is 'n oud-Tukkie, iemand wat op sy dag die Sasolprys vir die beste nagraadse student in Bemarkingsbestuur ontvang het. En na 'n kort onderbreking in sy akademiese loopbaan by Tukkies, is Adré Schreuder weer terug tussen sy mense.

Hy is op 1 Januarie 1994 aangestel as professor in bemarkingsbestuursopleiding in die nuwe Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur. Prof Schreuder is uitgeknip vir dié pos. Hy het nie alleen sy voor- en nagraadse opleiding in Bemarkingsbestuur met onderskeiding aan UP verwerf nie; hy was ook tot aan die einde van 1990 as senior lektor in Bemarkingsbestuur aan die destydse Departement Bedryfsekonomie verbonde.

Daarna het hy die uitdaging aanvaar om, saam met twee ander kollegas, 'n BCom(Bemarkingsbestuur)-graad by die Randse Afrikaanse Universiteit in te stel. Prof Schreuder verwerf sy DCom-graad in 1992 en in Julie 1993 word hy bevorder tot medeprofessor by RAU.

In 1994 keer hy terug na sy alma mater om sy plek as professor in en Hoof van Bemarkingsbestuursopleiding by Tukkies in te neem. ▶



*Welkom terug aan 'n ou bekende! Prof Adré Schreuder is van 1 Januarie 1994 af weer betrokke by Tukkies se bemarkingsbestuursopleiding.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

"Ek is 'n taakgerigte persoon - posisie of geslag behoort nie 'n rol te speel wanneer mense in 'n span moet saamwerk nie."

## Eerste vroueprofessor in SRO

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het vanjaar ook 'n professor ryker geword. En wat dié aanstelling meer besonders maak, is die feit dat prof Marita van Niekerk die eerste vroueprofessor in die SRO is. Sy is ook, naas prof Ronel Erwee van die Nagraadse Bestuurskool, een van slegs twee vroueprofessore in die Fakulteit.

Maar vir prof Van Niekerk is hierdie nuus nie só belangrik nie. "Ek is 'n taakgerigte persoon - posisie of geslag behoort nie 'n rol te speel wanneer mense in 'n span moet saamwerk om 'n doel te bereik nie. Tog kan ek noem dat, hoewel ek in 'n professie is wat vroeër jare meer as 'n manswêreld beskou is, ek nog nooit enige gevoel gekry het dat daar teen my gediskrimineer word omdat ek 'n vrou is nie," verduidelik sy.

Sy wys egter daarop dat daar oor die afgelope tien jaar 'n drastiese toename ten opsigte van vroue in dié professie was: "Met my kwalifiserende eksamen (KE) in 1984 was slegs 50 van die 592 kandidate wat geslaag het, vroue. Die aantal kandidate wat vanjaar die KE-eksamen geslaag het, was 892. 158 daarvan was vroue."

Vir die tydperk 1984 - 1994 het die aantal vroue wat die KE-eksamen suksesvol afgelê het, dus meer as verdriedubbel. "En," sê prof Van Niekerk, "kyk 'n mens na die afgelope paar jaar se KE-uitslae, is daar telkens 'n beduidende aantal vroue onder die eerste tien in die land." Prof van Niekerk, wat op 1 Julie 1994 as medeprofessor in die SRO aangestel is, se navorsingsbelangstellingsveld is die owerheidsrekeningkunde. Sy is medeverantwoordelik vir die aanbieding van die honneurskursus in Rekeningkunde en is betrokke by die STR-opleiding asook by die voorbereidende kursus vir die kwalifiserende eksamen. Marita van Niekerk (née La Grange) is 'n oud-Matie in murg en been. Sy het al haar akademiese kwalifikasies tot op magistervlak aan die Universiteit van Stellenbosch (US) verwerf. Nadat sy haar drie jaar klerkskap by die ouditeursfirma Theron van der Poel voltooi het, keer sy in 1987 weer terug na haar alma mater met haar aanstelling as senior lektor in die Departement Rekeningkunde. Sy beklee hierdie pos tot in 1994, wanneer sy by Tukkies kom aansluit. ❖



*Met haar aanstelling as medeprofessor op 1 Julie vanjaar word prof Marita van Niekerk die eerste vroueprofessor in die Skool vir Rekenmeestersopleiding-geledere. "Maar," skerts sy, "ek dink ek sal my man kan staan."*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

eersteklas,
# rudi

Die eerste oudstudent van die Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap van Tukkies het vroeër vanjaar as aktuaris gekwalifiseer. Hy is die 24-jarige mnr Rudi Stumpf.

Om eerste te wees is geen nuutjie vir Rudi nie. Hy was in 1988 deel van die eerste groep BCom(Versekeringswetenskappe)-studente in die toe nuutgestigte Departement.

Sy eersteklas akademiese prestasies het reeds in 1987 begin toe hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool matrikuleer. In 1990 behaal hy die BCom (Versekeringswetenskappe)-graad met lof, en in 1991 slaag hy ook die BCom (Hons)(Aktuariële Wetenskap)-graad met lof. "Rudi het in beide sy finale- en honneursjaar die prys vir die beste akademiese prestasie ontvang," sê prof George Marx, Hoof van die Departement. "Hy was werklik 'n topstudent. Daarom was dit nie vir my 'n verrassing om te hoor dat Rudi nou reeds as aktuaris gekwalifiseer het nie," vertel hy verder.



*Dit neem 'n kandidaat-aktuaris ongeveer tien jaar om te kwalifiseer. Mnr Rudi Stumpf, 'n oudstudent van die Fakulteit, het dit in minder as sewe jaar reggekry.*

Prof Marx wys daarop dat dit 'n kandidaat-aktuaris ongeveer tien jaar neem om te kwalifiseer. "En Rudi het dit in minder as sewe jaar reggekry," spog hy.

Mnr Rudi Stumpf is tans as aktuaris werksaam in die Bemarking- en Produkontwikkelingsafdeling by Sanlam se hoofkantoor in die Kaap. ❖


***"Vir die meeste van ons is hierdie Fakulteit ons alma mater. Ons is trots daarop en ook op ons professionele verbintenis met die Universiteit van Pretoria."***

Coopers & Lybrand

**— Kobus Scheepers**
**Besturende Vennoot**

Ons is 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse firma van geoktrooieerde rekenmeesters en besigheidsadviseurs. Die firma verskaf 'n wye verskeidenheid oudit-, rekeningkundige-, finansiële-, belasting- en besigheidsadvies-dienste aan ons kliënte. Ons voeg waarde toe tot ons kliënte se besigheid. Plaaslik en internasionaal, meer as kennis – kundigheid.

| | |
|---|---|
| Pretoria | (012) 322-1211 |
| Kaapstad | (021) 946-1870 |
| Johannesburg | (011) 498-4000 |
| Bloemfontein | (051) 48-2356 |
| Durban | (031) 304-4552 |
| Port-Elizabeth | (041) 55-7091 |

**Besigheids-oplossings**


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# a truly newsworthy professor



*The name Hugo Lambrechts has become synonymous with the term unit trust. The results of Prof Lambrechts' independent quarterly unit trusts survey are widely published in the financial media.*

Prof Hugo Lambrechts of the Graduate School of Management was recently elected as the University of Pretoria's Lecturer/ Newsmaker of the Year. Of all the UP lecturers he received the most media coverage during the period between August 1993 and March 1994. It is the first year that this award is presented by the University of Pretoria.

The name Hugo Lambrechts has become synonymous with the term unit trust. His independent quarterly survey of the unit trust industry is well-known in financial circles, and the results of these surveys are widely published in the financial media.

Sake-Beeld (12/5/94) has even labelled Prof Lambrecht's book *Unit Trusts Survey*, as the "bible" of unit trusts. Everybody ranging from small investors to large unit trust management companies use these surveys to determine the performance figures and portfolio structures of the various unit trusts.

## The countdown

Just how newsworthy this information is, becomes clear from the volume



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

of news coverage it has received in the financial media. It is on the basis of this that Prof Lambrechts has received the award as UP Lecturer/Newsmaker of the Year.

In the search for the Tukkies Newsmaker, approximately 1 000 articles were identified which had been published in various media, and in which reference was made to a UP lecturer.

An analysis of these articles showed that 327 UP lecturers were candidates for this award. *Newsclip*, a tear sheet service in Johannesburg that monitors more than 1 000 publications per week, analysed these articles to determine the Newsmaker of the Year.

Prof Lambrechts was appointed as the candidate who received the most media coverage in the printed media. Three of the other nine finalists are also members of this Faculty. They are Prof Ronel Erwee of the Graduate School of Management, Prof Herman de Jager of the School of Accountancy and Prof Geert de Wet of the Department of Economics.

## The story behind it all

With reference to his award as Newsmaker of the Year, Prof Lambrechts has this to say: "I was completely surprised. It was fantastic news. But I must mention that I did not initiate this survey to be elected as a newsmaker. In fact, I can't believe that this publication is so popular."

According to him his involvement with this survey was purely by coincidence. "I think it was just a matter of the right thing at the right time," says Prof Lambrechts.

He explains where the entire idea originated: "Some of my friends in the media and business sector realised the potential of unit trusts and predicted that it would become very popular. As early as the nineteen eighties Prof Leon Brümmer and I gave the first figures to Mr Flip Meyer, one time editor of Sake-Rapport. Thereafter regular articles were published on this subject."

These articles made people realise the importance of unit trusts, and Prof Lambrechts was asked to publish regular surveys. Today this publication, which is the only one of its kind in the country, has a subscription of more than 5 000. He also completed a Unit Trusts Handbook recently.

With this survey Prof Lambrechts has succeeded in bringing the benefits of unit trusts to the attention of the public. "An increasing number of people realise how important it is to utilise unit trusts as part of a purposeful savings plan, or to add to their pension. My purpose with the survey is not to give hints to prospective investors, but to summarise information. This clearly shows which unit trusts are doing well," says he.

## More about "Mr Unit Trusts"

Hugo Lambrechts laughs heartily when you question him about his student years. Initially one of his lecturers at the Potchefstroom University advised him not to study BCom. "He told me I don't belong in his class if I don't know exactly why I enrolled for the BCom degree," chuckles Prof Lambrechts.

If one considers his curriculum vitae, it is clear that this particular lecturer made a mistake. Hugo Lambrechts has already had exceptional academic success. He received the MCom degree, majoring in Financial Management, at the University of Stellenbosch, and PUB/MBA at the State University of Ghent in Belgium. In 1990 he completed his doctoral thesis on the financial futures market in South Africa.

He was appointed associate-professor in Financial Management at the Graduate School of Management in 1991. In 1992 he was promoted to full professor. In this capacity he has already presented various papers locally and overseas, and has also published articles in academic journals.

Apart from his academic achievements, Prof Lambrechts also has extensive practical experience in the investment and stockbrokers market.

He was, amongst others, the head of the secondary capital market division at a privately managed pension fund in Pretoria. He also worked as a bond trader at a prominent stockbroker on the Johannesburg Stock Exchange.

The acknowledgement for his financial expertise is evident from his involvement in the business sector. In 1991 he was appointed as a member of the Advisory Committee on Unit Trust Funds by the Minister of Finance. In 1992 he became a member of the South African Academy for Science and Arts, and in 1994 he was appointed as a member of the Board of Governors at the Institute for Financial Markets.

He has also been appointed as Deputy Director: Finance at the Graduate School of Management, effective from 1 January 1995, and as a trustee of Pretoria University's retirement funds. ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

## die verhaal van 'n jong

# entrepreneur

Vra enige student wat hy met 'n R400 meevallertjie sal maak en jy sal seker baie moontlikhede hoor. Maar al ooit die een gehoor van die student wat met R400 'n winsgewende onderneming op die been gebring het?




*Entrepreneur Ben van der Westhuyzen, 'n 23-jarige BCom(Bemarkingsbestuur) (Hons)-student, se suksesverhaal lees soos 'n sprokie. Hy het binne een jaar, met 'n kapitaalinvestering van slegs R400, 'n winsgewende onderneming op die been gebring. "Ek glo die geheim van sukses lê daarin dat 'n mens groot moet dink en moet doen," sê hy.*

Dit is die verhaal van Ben van der Westhuyzen, 'n 23-jarige BCom(Bemarkingsbestuur) (Hons)-student van Tukkies. Hy het binne 'n jaar nadat hy sy eie onderneming begin het, *Campus Gear* uitgebou tot 'n suksesvolle onderneming met drie produksiepunte landswyd en met 37 werknemers in diens.

Ben gesels lekker oor waar alles begin het: "Daar was 'n paar faktore wat my uiteindelik aangespoor het om die groot stap te neem: die regte opleiding; die motivering van 'n rolmodel; 'n goeie idee en die aanmoediging van my ouers. Natuurlik het die terugbetaling van my R400 koshuisdeposito enige verskonings wat ek nog kon hê, netjies uit die weg geruim. Die tyd was toe reg om te begin." Hy brei 'n bietjie verder hieroor uit:

### Oor die regte opleiding

"Bemarkingsbestuur is definitief my rigting. Dit leer 'n mens om baie skeppend te dink en om kreatief te wees ten opsigte van doelwitte wat gestel word. Maar dit was veral die praktiese toepassings en gevallestudies wat ons in die tweedejaar gedoen het, wat my beïndruk het. Dit het my anders laat dink. Ek het gesien hoe probleme opgelos kan word - en ek het gehou van die uitdagings wat dit stel."

Luister 'n mens na Ben se entoesiasme oor sy bemarkingsbestuursopleiding, is dit moeilik om te dink dat hy hom aanvanklik in 'n ander studierigting wou begewe.

Hy vertel: "Ek het op Sutherland in die Karoo grootgeword. Dit sou dus 'n logiese keuse wees om na die Universiteit van Stellenbosch toe te gaan



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

vir verdere studie. Alhoewel ek dit op daardie stadium oorweeg het om BSc(Agric) by Maties te gaan swot, was ek nog nie seker oor my toekomsplanne nie. Gelukkig het ek toe besluit om maar eers vir twee jaar Lugmag toe te gaan."

Na sy diensplig het Ben finaal besluit om BCom(Bemarkingsbestuur) by Tukkies - toe nog die enigste universiteit in die land wat dié rigting aanbied - te kom studeer.

"Ek kan eerlik sê dat ek nog nooit spyt was oor die besluit nie. Die opleiding wat ek hier ontvang het, het my deeglik voorberei om my eie onderneming te begin en om dit suksesvol te bemark en te bestuur," sê hy.

## Oor 'n rolmodel en motivering

Volgens Ben was mnr Harry Bronkhorst, ook 'n oudstudent van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, 'n belangrike rolmodel vir hom:

"Ek het gedurende my tweedejaar vakansiewerk by Dairybelle gedoen, waar Harry die bemarkingsbestuurder was. Hy het my geweldig gemotiveer. Hy het gewys dat 'n mens nie net tevrede moet stilsit met wat jy het nie, maar dat jy moet uitreik en verder moet gaan. Ek het myself met hom vergelyk en besef dat ek nog baie meer kan doen."

## Oor 'n goeie idee

Gemotiveer deur Harry en gewapen met sy akademiese opleiding was Ben gereed om 'n goeie idee te herken wanneer hy dit sien.

"Na my tweedejaar-eksamens het ek vir vriende op die Matie-kampus gaan kuier. Dit is daar waar ek opgemerk het hoeveel studente T-hemde met spesifieke boodskappe op dra. Ek het gedink dit is 'n goeie idee - iets waarby Tukkie-studente ook aanklank sal vind. En sover ek kon vasstel, was daar op daardie stadium niemand wat aan dié spesifieke behoefte op die Tukkie-kampus sou kon voldoen nie," vertel hy.

"Om die goeie idee op die Tukkie-kampus te kom verkoop was 'n uitdaging wat my reg in die gesig gestaar het. Ek was gereed om my kans te waag - veral omdat dit 'n geleentheid kon bied om ekstra sakgeld te verdien," sê hy.

"Ek het die idee eers met my ouers bespreek. Hulle het my dadelik aangemoedig en van die begin af ondersteun. My pa het my byvoorbeeld later gehelp om 'n lening te kry om *Campus Gear* uit te brei," vertel hy.

Volgens Ben het hulle ook geweet hoe belangrik dit vir hom was om onafhanklik te wees. "Hulle moedig ons kinders voortdurend aan om daarna te streef om meer te bereik in die lewe. My pa het byvoorbeeld nog altyd vir ons gesê: "If you can dream it, you can do it."

## Oor drome wat waar word

Vir Ben van der Westhuyzen het 1993 groot belofte ingehou. Hy sou sy




*Campus Gear voorsien nie net in die behoeftes van die Tukkie-studentemark nie, maar vervaardig en verskaf ook produkte aan technikons, onderwyskolleges, skole, sportliggame en ondernemings.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

finalejaarstudies voltooi, en hy sou sy eie onderneming begin. "Ek het my R400 gebruik om vier ontwerpe vir T-hemde met Christelike boodskappe op te ontwikkel en om 60 hemde te laat druk. My vriende en familie het gehelp met bestellings en binne twee maande het ek R8 000 wins gemaak," vertel hy.

Hy het sy winsgeld gebruik om 'n rekenaar te koop en hy het die rekenaar gebruik om sy eie advertensies en visitekaartjies te ontwikkel. *Bargain T-shirts*, soos wat sy onderneming eers bekend gestaan het, het 'n werklikheid geword.

Die naamsverandering na *Campus Gear* en verdere uitbreiding het kort daarna gevolg toe Ben 'n winkel in die inkopiesentrum oorkant die dameskoshuise bekom het. Alhoewel hy redelike uitgawes moes aangaan om die eerste *Campus Gear* winkel te open, het Ben geglo dat hy die regte ding doen.

"Dit was moeilik in die begin. Ek moes self inspring en alles doen - van mure verf en vloere skrop tot by die ontwikkeling van die naam en logo. En ek was erg benoud toe die huur betaal moes word voordat die geld begin inkom. Maar ek het hard gewerk en kontrakte by veral koshuise gewerf. Daarna het dit makliker gegaan," sê Ben.

Dit was juis omdat dit so goed gegaan het dat die naamsverandering noodsaaklik geword het. Wat aanvanklik begin het as *Bargain T-shirts*, het vinnig uitgebrei tot die verskaffing van T-hemde, pette, sweetpakke, sportdrag, sportsakke en so meer - vandaar die naam *Campus Gear*.

"Ek het net bly aanpas by die behoeftes wat bestaan het vir ander produkte," sê Ben. Hy vertel ook dat hy deesdae nie meer net as verskaffer optree nie, maar dat hy ook as produsent sy eie produkte vir *Campus Gear* vervaardig.

*Campus Gear* het binne 'n kort tydjie so uitgebrei dat dit nou ook aan behoeftes buite die studentemark voldoen. Buiten die technikons en onderwyskolleges, voorsien Ben reeds ook produkte aan skole en sportliggame. Hy is byvoorbeeld onlangs genader om kwotasies voor te lê vir die lewering van alle sportdrag vir die Nasionale Ontwikkelingspele in 1995.

Nog 'n verdere ontwikkeling is die vennootskap wat onlangs gesluit is



*Pierre Griffin (agter), 'n BCom(Bemarkingsbestuur)(Hons)-student, is een van die werknemers van Campus Gear. Ben van der Westhuyzen (voor) se 37-tal werknemerskorps behartig tans kontrakte van regoor die land.*

met mnr Stephan Visser, ook 'n oud-Tukkie, met betrekking tot die opening van *Campus Photographic Studio* in Januarie 1995.

## Oor die sleutel tot sukses

Dit behoort vir enigeen wat vir Ben van der Westhuyzen ontmoet, duidelik te wees waarom hy so suksesvol is. Hy is 'n jong man wat weet wat hy wil hê in die lewe en hy het die moed om te doen waarin hy glo.

Sy Christenskap is baie belangrik vir hom. Daarom het hy ook sterk beginsels oor hoe hy sy onderneming bedryf.

"Besigheid is wel besigheid, maar ek glo 'n mens kan suksesvol wees in die sakewêreld deur eties-korrek op te tree en deur eerlik en billik met jou kliënte te werk. Ek wil nie ten alle koste suksesvol wees nie. Inteendeel, volgens my loop alles juis vir my reg omdat ek my Christenskap - ook in my onderneming - voorop stel," sê Ben.

En sy sake lóóp reg - hy het produksiepunte in Pretoria, Aliwal-Noord en Worcester. Sy werknemerskorps van 37, waarvan vier Tukkie-studente is, behartig tans kontrakte van regoor die land. En Ben beplan reeds verdere uitbreidings en hy droom nog groter drome. "Ek glo die geheim van sukses lê daarin dat 'n mens groot moet dink en moet doen," sê hy.

Sy onmiddellike toekomsplanne sluit onder meer in om 'n vlieglisensie te bekom en sy honneursstudie te voltooi. "En," sê Ben "ek wil *Campus Gear* ontwikkel soos wat niemand anders nog ooit hierdie tipe onderneming ontwikkel het nie." ❖



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# JL VAN SCHAIK 80

## 1914–1994

J L van Schaik is vanjaar tagtig jaar lank in diens van geletterdheid. Na 'n beskeie begin is die uitgewery dekades reeds 'n huishoudelike naam wanneer dit by die uitgee van voortreflike boeke kom. Publikasies verskyn in al elf Suid-Afrika se landstale, 'n feit waarop die uitgewery met reg trots is.

J L van Schaik streef sedert sy vroegste bestaansjare daarna om 'n diens te lewer rondom behoeftes wat uit 'n geletterdheidsoogpunt ontstaan. Daaruit het onder meer 'n formidabele reeks woordeboeke in verskeie tale gegroei asook standaardhandboeke en naslaanwerke.

In Mei 1993 is Academica Uitgewers, voorheen 'n afdeling van J L van Schaik, volledig by die moederuitgewery ingeskakel. Dit het die uitgewery se akademiese titellys 'n krag gemaak om mee rekening te hou. Daarby word nog volgehou met publikasies vir die algemene mark, byvoorbeeld kinderboeke en geestelike werke.

Spesifieke aandag word gegee aan behoeftes op die gebied van neogeletterdheid. Die aanvangsleesreeks, *Klankplesier*, is onder meer gepubliseer en word met behulp van borgskappe versprei. 'n Aanleerderswoordeboek vir Afrikaans, *Basiswoordeboek*, word teen 'n spesiale prys beskikbaar gestel, en die aanpak van rekenaaruitreikprogramme is die tema van die publikasie *Computer-based education and training in South Africa*. Verder word teksboeke, waar die behoefte ook al geïdentifiseer word, op die kommunikatiewe metode aangebied sodat begrip vergemaklik word sonder om die akademiese standaard in te boet.

J L van Schaik is gelukkig met sy geskiedenis van diens, en is bereid en gereed om die uitdagings van die toekoms te aanvaar. Die uitgewery het bewys dat hy kan aanpas by die eise van die tyd in sy strewe om sy slagspreuk uit te leef: Die uitgewery waarop jy kan reken!



**Computer-based education and training in SA**

*Renate C Lippert (ed)*

The use of computers has been suggested as a possible solution to the educational problems in SA.

This book is a collection of case studies demonstrating in various contexts how it can be done. Contributions are by the leaders in the field, countrywide.

ISBN 0 627 01916 1

### Announcement


**Managing tourism services: a southern African perspective**

*J A Bennett*

This exciting new publication challenges southern Africa to take its rightful share of the long-haul tourist industry.

Foreword by Sol Kerzner.

Publication date: December 1994





**Moderne statistiek vir die praktyk**

*Steyn, Smit, Du Toit & Strasheim*

Die vyfde uitgawe van hierdie werk bewys dat statistiek 'n besonder nuttige hulpmiddel kan wees. Deur die skrywers se jarelange ervaring op akademiese gebied sowel as van die toepassingsveld, lei hulle die gewone sakeman tot die praktiese en winsgewende gebruik van statistiek.

ISBN 0 627 01988 9




**Basiese wiskunde vir ekonomiese en bestuurswetenskappe**

*F L Vivier, A Swanepoel, N G N Swart*

Wiskundige tegnieke is die ruggraat van ekonomiese en bestuursmodelle ingevolge waarvan vooruitskattings gemaak en bestuursbesluite geneem word.

Die wiskundige beginsels in hierdie werk is gerig op elkeen wat 'n loopbaan in die sakesektor beplan.

ISBN 0 627 02017 8




**The communicating manager**

*Gustav Puth*

The 1990s is the decade of communication and leadership. Effective communication is the force which will enable dynamic organizational leaders to inspire their employees successfully into the next century. This work is a tool to find the way.

ISBN 0 627 01912 9




**Study management**


*W A van Schoor*

Study should be managed in the same way that a business is run.

The novel approach towards study in this book will enable students to control and guide their studies in order to prepare themselves for a meaningful role in the economy.

ISBN 0 627 01986 2

J L van Schaik
Akademies
Arcadiastraat 1064
Hatfield 0083
Tel: (012) 342 2765
Faks: (012) 43 3563



**Sake sukses en styl**

*Emsie Schoeman*

Hierdie werk gaan om korrekte optrede in die sakewêreld met die einddoel om winsgewende diens te lewer.

'n Keurder van die manuskrip sê: "Hierdie werk behoort vir elke skoolverlater voorgeskryf te wees."

ISBN 0 627 01924 2

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


## groen rekeningkunde –

# 'n nuwe bate

Die wêreldwye beweging na omgewingsbewaring het nou ook inslag gevind in die rekeningkunde en dit as't ware 'n nuwe sosiale gesig gegee. Hier by Tukkies is baanbrekersnavorsing op die gebied van groen rekeningkunde reeds gedoen.

*Communiké* het meer hieroor uitgevind by prof Quintus Vorster, Hoof van die Departement Rekeningkunde, wat die navorsing in samewerking met die Skool vir Rekenmeestersopleiding uitgevoer het:

"Voordat ek die konsep van groen rekeningkunde kan bespreek, is dit nodig dat ek eers die begrip rekeningkunde verduidelik. Baie mense het die wanpersepsie dat rekeningkunde bloot



*Prof Quintus Vorster, Hoof van die Departement Rekeningkunde: Die baanbrekersnavorsing wat hy en ander kollegas op die gebied van groen rekeningkunde gedoen het, word ook op internasionale vlak erken.*

net 'n tegniek is om boek te hou van transaksies wat aangegaan word. Maar dit behels veel meer as dit," sê prof Vorster.

Hy verduidelik: "Rekeningkunde gaan daaroor dat billikheid teenoor alle partye wat as belanghebbendes van 'n entiteit beskou word, sal geskied. Dit is 'n kommunikasiemiddel tussen sake-entiteite en hul belanghebbers, en dit is die medium waardeur inligting objektief oorgedra word. Só gesien, is die rekenmeester dus eintlik 'n konflikhanteerder."

Die "sosiale" gesig van rekeningkunde is dus niks nuut nie. Wat wel verander het, is die mens: sy behoeftes verander voortdurend - en rekeningkunde moet daarby aanpas. Die vraag is: wie is die belanghebbers en wat is hul behoeftes waarby rekeningkunde moet aanpas?

Tevore is aandeelhouers, beleggers en eienaars hoofsaaklik as die belanghebbers van sake-entiteite beskou. Volgens prof Vorster word daar egter vandag algemeen aanvaar dat daar ook ander belanghebbers is, soos onder andere die breë gemeenskap, werknemers en die staat. Hierdie belanghebbers het ook die reg op inligting ten opsigte van sake wat hulle direk raak.

Daarom is dit die taak van die rekeningkunde om objektiewe kommunikasie oor die sake-entiteite aan álmal te verskaf.

Vir elke mens is 'n skoon, gesonde omgewing, pragtige natuurskoon en vars water 'n definitiewe bate. As een van die "nuwe" belanghebbers, is die algemene publiek dus ook geregtig op inligting oor sake soos besoedeling en die gebruik van gifstowwe, aangesien dit hom of haar direk raak.

"Skade wat aan die omgewing aangerig word, kan nie "kosteloos" herstel word nie. Iemand moet daarvoor betaal."

"Daarom is die algemene publiek daarop geregtig om te weet hoe 'n sake-entiteit met die omgewing omgaan, oor moontlike skade wat dit aangerig het en oor wie die kostes hiervan gaan dra," verduidelik prof Vorster. Volgens hom is hierdie een van die aspekte van groen rekeningkunde.

Die Departement Rekeningkunde, in samewerking met personeellede van die Skool vir Rekenmeestersopleiding, het reeds baanbrekersnavorsing op die gebied van groen rekeningkunde onderneem.

Volgens prof Vorster kan groen rekeningkunde in twee breë kategorieë ingedeel word, naamlik die filosofiese aspekte en rekeningkundige verantwoording in terme van die huidige rekeningkundige model.

"Ons navorsing het op altwee kategorieë gefokus, ook ten opsigte van beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van elk," sê hy.

"Om oor hierdie aangeleentheid te rapporteer, het ons die finansiële jaarstate van die top genoteerde maat-



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

skappye in Suid-Afrika ontleed na aanleiding van wat haalbaar is kragtens die huidige rekeningkundige model. Ons het dus gekyk na wat nou gedoen kan word in terme van groen rekeningkunde en dit vergelyk met wat wel gedoen word in Suid-Afrika," vertel hy verder.

Volgens prof Vorster het hulle bevind dat daar in Suid-Afrika nog nie genoeg gedoen word op hierdie gebied nie. "Maar," sê hy, "daar is wel enkele ondernemings wat reeds positiewe stappe in dié rigting geneem het." En om hierdie ondernemings aan te spoor tot groter betrokkenheid, is besluit om 'n prys vir die beste groen verslag wat tydens hul navorsing geïdentifiseer is, toe te ken.

Die eerste toekenning is verlede jaar tydens die prysuitdelingsplegtigheid van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe aan *Trans Natal Coal* oorhandig, vir die rapportering oor die omgewing in hul finansiële state. Die prys is geskenk deur die *Chartered Association of Certified Accountants (ACCA)*, 'n internasionale rekeningkundige vereniging.

Prof Vorster wys daarop dat die Departement later vanjaar nog 'n navorsingsverslag oor groen rekeningkunde gaan uitreik. "Ons sal dan kan sien wat die tendense is, en of daar 'n verbetering ten opsigte van groen rapportering in finansiële state is," sê hy. ❖

## Internasionale erkenning

Die Verenigde Volke (VVO) doen tans navorsing oor groen rekeningkunde in 22 lande. Die baanbrekerswerk wat reeds hier by Tukkies gedoen is, word onderstreep deur die feit dat ons Departement Rekeningkunde in Oktober vanjaar deur die VVO via die *Centre for Social and Environmental Accounting Research* in Dundee, Skotland versoek is om dié navorsing in Suid-Afrika namens hulle te onderneem.


**Kry die wêreld aan jou voete**

met 'n bedryfskwalifikasie van ICSA



**'N BELOWENDE POS: GOEIE SALARIS: VEILIGE TOEKOMS**

Of jy nou met jou loopbaan begin of op soek is na beter geleenthede – ICSA bied jou internasionale erkende kursusse wat hulself reeds bewys het. Ons sal jou help om jou doel te bereik.

**STUDEER SOOS DIT JOU PAS**

Jy kan studeer soos dit jou die beste pas. Deeltyds, heeltyds by 'n Kollege, Technikon of Universiteit. Of selfs deur 'n Korrespondensie-kursus.

Kry erkenning en status met elke vier vakke wat jy slaag.
IBS (Voor Matriek) GIS/CIBM (3 jaar na Matriek)

**Bedryfsonderrig vir Almal**

Faks hierdie vorm aan: Die Studentediensbestuurder, ICSA
(011) 403 1522
Of pos dit aan: Posbus 331, Wits, 2050.

Naam ______________________ Tel __________

Adres ______________________________

______________________ Kode __________

Hoogste kwalifikasie ______________________

By watter instansie? ______________________

IBS

CIBM THE CHARTERED INSTITUTE OF BUSINESS MANAGEMENT

I C S A THE INSTITUTE OF CHARTERED SECRETARIES & ADMINISTRATORS


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


# Expand your knowledge

A book is surely one of the best instruments available in which one can reflect new ideas and which allows one to share knowledge with others. According to the Oxford dictionary, a book is defined as "... anything from which one may learn."




Our Faculty staff do more than their share in publishing books in the field of economic and management sciences. *Communiké* focuses on a few of these that have been published during 1994:

## Become a communicating manager





The 1990s has been described as the decade of communication and leadership. Effective communication is the force which will enable dynamic organisational leaders to inspire their organisations and employees successfully into the next century.

The book, *The Communicating Manager*, serves as a very valuable tool inasmuch as it guides practising managers and management students to learn more about the fundamental principles of management and communication. It also provides practical guidelines on how to become a communicating manager.

The author is Prof Gustav Puth, Head of the Marketing and Communication Management Department at Tukkies. The publisher is J L van Schaik.

## Manage your public relations effectively

Effective communication between people of different cultural, social and economic groupings has become a national necessity. It needs a specialist's ability to change or strengthen opinion through communication, to manage threats and mobilise support for the organisation's mission and to perform an interpretive function between the organisation and the public domain.




Public relations can perform this vital role in the modern corporate envi-




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

ronment, but only when it is recognised as a distinctive and strategic management function. A thorough overview of the functions and activities involved in public relations is given in *Public Relations in South Africa: A Management Reader*.

This book is located firmly within the South African context. It has been written by an experienced panel of practitioners and academics, and comprises a collection of well-structured studies on diverse aspects of public relations.

Prof Gustav Puth, Head of the Marketing and Communication Management Department, is co-editor of this extensive new work, published by Butterworths.

## Keep labour relations in shape





Maintaining healthy labour relations is not something that can be left to a few specialists. Professional people in all business activities, laymen and students ought to have a working knowledge of labour relations.

For all of those people who have to deal with labour relations on a daily basis, the book *Successful labour relations - guidelines for practice* provides practical and simple hints and guidelines on core aspects essential to successful labour relations in South Africa, without neglecting the underlying theory.

One of the co-authors is Piet Nel, professor of Industrial Relations and Human Resources Management at the Graduate School of Management at Tukkies. This book is published by J L van Schaik. (Ook beskikbaar in Afrikaans).

## Make a sound investment




No organisation can exist without its people, its greatest resource. The efficiency and effectiveness with which the skills of an individual are directed towards achieving the goals of the organisation, are the keys to the success of human resources management.


Because human resources management is a dynamic field of study, it requires a continuous reassessment of the situation in which the discipline finds itself at any moment in time.

That is why any organisation that wants to make a sound investment in its human resources, needs to keep abreast of up-to-date information and new perspectives.

This is provided in the third edition of *Human Resources Management*. The text is based on the fundamental approach to the management of human resources, which looks at how human resources management manifests itself in the typical South African organisation.

Prof Piet Nel of the Graduate School of Management is one of the co-authors of the book *Human Resources Management*, published by Southern Book Publishers. (Ook beskikbaar in Afrikaans).

## Master mathematical techniques




Mathematical techniques form the backbone of economic and management models in terms of which forecasts can be made and management decisions can be taken.

The purpose of the book *Basic Mathematics for Economic and Management Sciences*, is to provide students with a general understanding of the role of these techniques.

The mathematical concepts introduced are basic and simple, and are focused on first-year students contemplating a career in business and economics. The study material has been clearly set out and richly illustrated by means of relevant examples and graphs. Each chapter concludes with a selection of well-chosen exercises to help the student master the subject matter.

The three co-authors are Prof Leon Vivier, Mr André Swanepoel and Dr Nico Swart from the Department of Statistics. The book is published by J L van Schaik. (Ook beskikbaar in Afrikaans). ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Hoe ons jou kan help om meer uit jou lewe te kry, elke tree van die pad.

As jy drome, verwagtinge en planne het, gaan daar regdeur jou lewe tye kom dat jy groot bedrae geld nodig sal kry.

As jy jonk is, sal jy seker 'n motor wil hê, die wye wêreld wil verken, of iets besonders wil doen wat jou hart begeer.


As jy trou, word 'n eie huis baie belangrik. En jy sal seker wil maak dat jou afhanklikes deeglik versorg is, wat ook al gebeur.

As jy kinders het, wil jy hulle die beste moontlike opvoeding gee.

En wanneer hulle die huis verlaat het, wil jy verseker dat jy 'n welverdiende, gemaklike aftrede gaan geniet, sonder finansiële bekommernisse.

As jy hierdie lewensideale, of enige ander verwagtinge wat jy koester, suksesvol kan beplan, gaan jy meer uit jou lewe kry, elke tree van die pad. En ons kan jou help om dit te verwesenlik.

Met die voordele van versekering, nou en vir die toekoms. Voordele wat mev. Ratlhogo in staat gestel het om haar seun universiteit toe te stuur. En ook vir Nathan Daniels gehelp het om genoeg geld te spaar om met sy ysskaatstalent oorsee te gaan meeding. Voordele wat die ouers van Vicki Takis kan aanwend om vir haar universiteitsopleiding te help betaal. En mnr. Mthembu gehelp het om sy eie huis te koop.




So help ons steeds miljoene polishouers om hul eie besondere drome te bewaarheid. Want as 'n Onderlinge Genootskap, bestaan ons uitsluitlik om hulle van diens te wees, en om hul beleggings op so 'n wyse te belê dat hulle uiteindelik die beste moontlike langtermyngroei sal geniet.

Ná uitgawes en belasting, gaan al die geld wat ons verdien aan ons lede, want daar is geen aandeelhouers of ander buitestaanders wat 'n deel van ons beleggings kan opeis nie.

Ou Mutual se wortels in hierdie land strek diep. Tot vandag toe bly ons getrou aan die visie van ons stigters byna 150 jaar gelede: om finansiële sekuriteit en rykdom vir die mense van Suider-Afrika te bou. Om seker te maak dat, wanneer nodig, die geld daar sal wees om ons lede te help om die allerbeste vir hul kinders en hulself te doen.

Daarom kan inderwaarheid gesê word dat ons mense help om meer uit hul lewe te kry.

Ons wil graag dieselfde vir jou doen.

Om meer uit te vind oor hoe Ou Mutual jou kan help, raadpleeg jou Ou Mutual-adviseur, jou makelaar, of skakel jou naaste Ou Mutual-kantoor.

OU MUTUAL

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 26270/A

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# diversiteitsbestuur & gelyke geleenthede

Handhaaf fundamentele menseregte; doen weg met enige vorm van diskriminasie en bevorder gelyke geleenthede. Dit is die uitdagings waarvoor hedendaagse ondernemings wêreldwyd te staan kom. En daarom word die konsep van diversiteitsbestuur al hoe meer beklemtoon.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe lewer 'n bydrae op dié gebied met die inisiatiewe van veral twee personeellede: mnr Hannes de Beer van die Departement Menslike Hulpbronbestuur stig 'n Eenheid vir Diversiteitsbestuur in 1994 en prof Ronel Erwee van die Nagraadse Bestuurskool lewer belangrike insette veral met betrekking tot die loopbaanontwikkeling van vroue in ondernemings.

*Communiké* het met elkeen van hulle gesels oor hul inisiatiewe in dié verband:

## Meer as net regstellende aksie

"Diversiteitsbestuur is nie dieselfde as regstellende aksie nie. Dit is eintlik 'n ontluikende paradigma wat volg na die paradigma van regstellende aksie. Dit is ook 'n baie wyer begrip."

Só gesels mnr Hannes de Beer, Direkteur van die Eenheid vir Diversiteitsbestuur wat in Julie vanjaar in die Departement Menslike Hulpbronbestuur gestig is.

Hy verduidelik verder: "Regstellende aksie het polarisasie tot gevolg gehad. Opponerende groepe het uiterste standpunte teenoor mekaar ingeneem. Met diversiteitsbestuur word daar egter primêr gepoog om gedeelde waardes onder diverse groepe in die onderneming te identifiseer en om sodoende groter eenheid en produktiwiteit te bevorder."

Mnr De Beer wys op 'n verdere doelwit van diversiteitsbestuur: "Hiermee word ook gepoog om verskille tussen diverse groepe as 'n bate te sien: hoe groter die verskeidenheid van groepe, hoe groter is die aantal alternatiewe oplossings wat gevind



*Verskille tussen en binne diverse groepe is 'n aanwins vir 'n onderneming, mits hierdie diversiteite reg bestuur word, aldus mnr Hannes de Beer, Direkteur en mev Yvonne du Plessis van die nuutgestigte Eenheid vir Diversiteitsbestuur.*

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

kan word. En omdat al die groepe betrek word by probleemoplossing, sal die oplossings wat voorgestel word, ook meer blywend wees," sê hy.

### Bestuur diversiteit vir groter eenheid

Volgens hom is daar met diversiteitsbestuur in die verlede te veel klem geplaas op interpersoonlike en intergroep-agterstand, terwyl die klem op organisasie-effektiwiteit nie sterk genoeg was nie.

"Ons moet ook wegkom van die eng benadering dat ras die enigste vorm van diversiteit is. Diverse groepe soos vroue, gestremde persone en enige ander minderheidsgroep wat histories benadeel is, moet ook ingesluit word by die konsep van diversiteitsbestuur," verduidelik hy.

Suid-Afrika is 'n land van kontraste, en die diversiteit van die bevolking word weerspieël in Suid-Afrikaanse ondernemings. Diverse groepe in organisasies het bepaalde behoeftes en dit het sekere bestuursimplikasies. Daarom is dit belangrik dat enige bestuurder 'n diverse werkmag - in die breër sin - effektief moet kan bestuur.

"Dit sal die bestuurder in staat stel om 'n groter mate van verdraagsaamheid binne die onderneming te skep. Sodoende tree hy pro-aktief op om arbeidsvrede te bewerkstellig," sê mnr De Beer.

Hy wys verder ook daarop dat die filosofie van diversiteitsbestuur, as 'n proses om gedeelde waardes of waardesinergie te bevorder, inpas by die Regering se beleid om nasionale eenheid en nasiebou te bevorder.

> "Ons moet wegkom van die eng benadering dat ras die enigste vorm van diversiteit is. Diverse groepe soos vroue, gestremde persone en enige ander minderheidsgroep wat histories benadeel is, moet ook ingesluit word by die konsep van diversiteitsbestuur."

### Eenheid by Tukkies

Die Universiteit van Pretoria se bydrae op hierdie vakgebied het vanjaar groter momentum gekry met die stigting van die Eenheid vir Diversiteitsbestuur in die Departement Menslike Hulpbronbestuur.

"Ons het vanjaar reeds 'n werkswinkel vir alle Tukkie-koshuisleiers aangebied oor multikulturaliteit in koshuise, asook 'n seminaar vir die hospitaalbesture van die Transvaalse Provinsiale Administrasie oor kruiskulturele kommunikasie," vertel mnr De Beer.

Die instelling van hierdie Eenheid is te danke aan sy inisiatief. "Maar," sê hy, "sonder die dryfkrag en ondersteuning van prof Leo Vermeulen, Hoof van die Departement Menslike Hulpbronbestuur, sou dié Eenheid nie gerealiseer het nie. Prof Vermeulen is self baie toekomsgerig in sy benadering tot die bestuur van sy Departement."

Hannes de Beer is 'n kenner op die gebied van diversiteitsbestuur. Hy bied reeds 'n geruime tyd formele onderrig op dié vakgebied aan. Alhoewel hy en sy kollegas intyds die leemtes ten opsigte van huidige paradigmas geïdentifiseer het en die formele onderrigprogramme reeds daarby aangepas het, was dit vir hom belangrik om dié inisiatief ook wyer uit te brei ten opsigte van navorsing en gemeenskapsdiens.

Met die instelling van die Eenheid en die aanstellings van beide mnr De Beer as Direkteur en mev Yvonne du Plessis as buitengewone dosent, is volstoom voortgegaan met dié inisiatiewe. Mev Du Plessis is veral kundig op die gebied van die fasilitering van verandering.

Volgens mnr De Beer is hulle hoofdoel om 'n Eenheid van uitnemende kundigheid ten opsigte van dié toepassingsveld in die Menslike Hulpbronbestuur hier by Tukkies te vestig. Hy sê: "Dit sal ons in staat stel om 'n diens aan die hele Afrika te lewer, want almal het dieselfde probleem."

## Bevordering van vroueregte

"Geslag is maar net een gedeelte van die diversiteitslegkaart, maar dit is 'n gedeelte wat redelik afgeskeep is in Suid-Afrika." Só gesels Ronel Erwee, Adjunkdirekteur: Navorsing, professor in Organisatoriese Gedrag en Leierskap en kursusleier vir die Vroue as Bedryfsleiersprogram in die Nagraadse Bestuurskool.

Prof Erwee is al sedert die vroeë tagtigerjare betrokke by navorsing oor die loopbaanontwikkeling van Suid-Afrikaanse vroue. In 1983 het sy as die Suid-Afrikaanse afgevaardigde by


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

die *International Federation of Business and Professional Women* (IFBPW) se internasionale kongres in Washington verslag gedoen oor haar navorsingsbevindinge ten opsigte van die werksomstandighede van die vrou in Suid-Afrikaanse ondernemings.

"My navorsing het op daardie stadium duidelik getoon dat die meeste ondernemings in Suid-Afrika hul regstellende aksies gefokus het op ras en kleur, maar spesifiek net met betrekking tot mans. Min ondernemings het toe al 'n formele beleid ten opsigte van die loopbaanontwikkeling van vroue gehad. Om die waarheid te sê, hulle kon nie die nodigheid vir só 'n beleid insien nie," verduidelik prof Erwee.

Volgens haar is daar twee maniere waarop verandering binne 'n onderneming teweeggebring kan word. Dit kan of afgedwing word met wetgewing en boetes, of dit kan vrywilliglik bewerkstellig word met aanmoediging en beloning.

Sy sê: "Aangesien wetgewing op daardie stadium nie voorsiening gemaak het vir diskriminasie op grond van geslag nie, was die enigste werkbare opsie om die beloningsroete te volg - en dit het vrugte afgewerp."

Die Suid-Afrikaanse Federasie van Beroeps- en Professionele Vroue, waarvan prof Erwee lid is, het in 1982 begin om die aantal ondernemings te beloon wat wel voorstanders vir die bevordering van gelyke loopbaanontwikkelingsgeleenthede vir vroue was.

"Ons wou erkenning gee aan dié ondernemings wat vrywilliglik 'n positiewe groei en ontwikkelingsklimaat vir vroue skep en wat vroue die kans gun om bevorder te word tot op die mees senior vlak. Daarom het ons die Nasionale Goue Toekenning ingestel," sê sy.

Nestlé het in 1983 die eerste toekenning ontvang. Prof Erwee wys daarop dat daar 'n interessante tendens was gedurende die eerste paar jaar: die finaliste vir dié toekenning was telkens internasionale maatskappye in Suid-Afrika.

"Maar," sê sy, "sedert 1988 het Suid-Afrikaanse maatskappye soos Pick 'n Pay, Anglo Alpha, Southern Life, Fedsure en Adcock Ingram 'n hoër profiel begin handhaaf op dié gebied."



*Prof Ronel Erwee van die Nagraadse Bestuurskool is al sedert die vroeë tagtigerjare betrokke by navorsing oor die loopbaanontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vroue.*

"Geslag is maar net een gedeelte van die diversiteitslegkaart, maar dit is 'n gedeelte wat redelik afgeskeep is in Suid-Afrika."

Prof Erwee het verlede jaar tydens die internasionale kongres van die IFBPW in Nagoya, Japan, 'n opvolgverslag oor haar navorsing na die werksomstandighede van vroue in Suid-Afrikaanse ondernemings gelewer. Haar jongste navorsingsbevindinge, gebaseer op tien jaar gevallestudies, is dat daar 'n baie duidelike verbetering op hierdie gebied is.

"Maar ons het nog 'n ver pad om te gaan om op dieselfde vlak as ons internasionale handelsvennote te kom. Hulle het reeds baie gesofistikeerde wetgewing wat diskriminasie teen vroue inhibeer, terwyl ons in Suid-Afrika nog besig is om ons nuwe wetgewing te formuleer," verduidelik sy.

Prof Erwee is van mening dat die Fakulteit oor die kundigheid beskik om 'n Diversiteitsbestuurforum te stig. "Hierdie forum kan byvoorbeeld as fasiliteerder optree om die Internasionale Arbeidsorganisasie se standaarde oor gelyke arbeidsgeleenthede in Suid-Afrika se nuwe wetgewing te implementeer," sê sy. ❖

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

aan ons oudstudente:

# 'n duisend dankies!

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wil kontak maak met soveel as moontlik van sy oudstudente. As gevolg van onder meer verouderde adresse, het talle oudstudente deur die jare "verlore" geraak vir die Fakulteit. Daarom loods die Fakulteit voortdurend aksies om sy oudstudente weer op te spoor.




*Met Projek 11 000, 'n bemarkingsaksie wat vanjaar geloods is om die oudstudente-databasis van die Fakulteit uit te bou, is sowat 11 000 posstukke aan oudstudente van die Fakulteit versend. Mev Simonette du Toit, Alumnibeampte en mev Sonja Jansen, Skakelsekretaresse was behulpsaam hiermee.*

Die "beloning" vir diegene wat gevind word, behels die volgende:

- Ontvang jaarliks 'n gratis *Communiké.*
- Bly op die hoogte van verwikkelinge in die Fakulteit en sy onderskeie departemente.
- Lees oor die doen en late van oud-dosente en mede-studente.
- Ontvang uitnodigings na vakverwante lesings, seminare, kongresse en kortkursusse.
- Kry gratis lidmaatskap van die Fakulteit se alumnivereniging.

Indien u 'n "verlore" oudstudent van hierdie Fakulteit is, word u vriendelik versoek om u besonderhede aan ons te verstrek. Gebruik asseblief die oudstudente-adresinligtingsvorm op bladsy 27. Let asseblief daarop dat u onder geen finansiële verpligting geplaas word wanneer u dié besonderhede aan ons verstrek nie, en dat die Fakulteit se oudstudente-databasis vertroulik hanteer word.

Die uitbouing van die Fakulteit se oudstudente-databasis het vanjaar nog 'n hupstoot gekry met *Projek 11 000.* In samewerking met Finansies en Tegniek, Nasionale Kolleges en Tukkies se Afdeling Alumnisake, is ongeveer 11 000 posstukke aan oudstudente van die Fakulteit versend.

Die doel van hierdie projek was tweeledig: om die besonderhede van die oudstudente wat reeds op die bestaande databasis is, op te dateer; en om die besonderhede van soveel as moontlik oudstudente met wie die Fakulteit nog geen skakeling in die verlede gehad het nie, te bekom.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



*Dis Jakarandatyd - en die Tukkie-kampus lyk mooi! Vir al ons oudstudente, en spesiaal vir diegene in die buiteland, 'n ietsie om hulle te herinner aan die goeie ou dae...*

Met die hulp van dr Hennie Venter en die personeel van Afdeling Stelsels van die Departement Inligtingtegnologie, is almal wat van 1981 tot 1993 aan dié Fakulteit studeer het, geïdentifiseer en genader.

Alhoewel 'n aantal posstukke as gevolg van verouderde adresse nie hul bestemming bereik het nie, was die reaksie op *Projek 11 000* steeds oorweldigend. Name en adresse van nuwe en bestaande oudstudente het letterlik ingestroom, selfs vanuit die buiteland.

En saam met hul besonderhede het talle oudstudente ook hul eie boodskappe aan die Fakulteit gerig. Die kommentaar het gewissel - van 'n opregte "Dankie vir die belangstelling" tot 'n speelse terugblik op die goeie ou studentedae met "My hoofvak was Jool."

"Ek wil baie dankie sê aan ons oudstudente vir hul samewerking. Hulle uitstekende terugvoer is bewys dat dit ook vir hulle belangrik is om skakeling met ons te behou. En lees 'n mens hulle kommentaar, kry jy so 'n warm gevoel. Jy besef dis óns mense wat hier praat, mense vir wie Tukkies steeds nog, net soos vir ons, baie na aan die hart lê," sê prof Sieg Marx, Dekaan.

*Communiké* neem die vrymoedigheid om 'n paar van ons oudstudente aan te haal:

**"Baie dankie dat die Fakulteit soveel moeite doen om kontak te behou met oudstudente. Dit word waardeer."**

Mej Marelize du Toit, Nedcor: BCom(Ondernemingsbestuur) 1993

**"Dit is lekker om 'n Tukkie te wees."**

Mnr James Ehlers, Bedryfsekonoom: MCom(Bedryfsekonomie) 1984

**"Baie dankie vir al die moeite en tydsbesteding. Dit word opreg waardeer. Beste wense."**

Mnr Marius van der Colff, Eie onderneming: BCom(Ondernemingsbestuur) 1992

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# dankie

"Dankie vir u ondersteuning en belangstelling."
Mnr P C J Knoetze, Senior Bestuurder: Finansies: BCom(Bemarkingsbestuur) 1986, MBA 1993

"Ek is baie beïndruk met hierdie bemarkingsaksie - hou so aan!"
Prof Carel van Aardt, Medeprofessor, UP: DBA 1992

"Baie dankie vir u belangstelling. Dit word waardeer. Ek bly graag op hoogte."
Mnr Tony Jenkins, Makelaar: BCom(Bemarkingsbestuur) 1992, BCom(Hons)(Bemarkingsbestuur) 1993

"Die laaste *Communiké* wat ek ontvang het was 'n uitstekende publikasie."
Dr Jan Visser, Uitvoerende Direkteur: BCom(Bedryfsekonomie) 1955, MCom 1959

"Voorspoed met die nuwe *Communiké*. Ek dink dit is 'n goeie idee."
Mnr P K Callanan, Groep Finansiële Bestuurder: BCom(Rekeningwetenskappe) 1980

"Baie dankie - ek waardeer die tydskrif."
Mej Charnette Steynvaard, Rekeningbestuurder: BCom(Bemarking) 1991

"Ek sal graag kontak met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wil behou."
Mnr Johan Bloem, Adjunkdirekteur: BAdmin(Hons) 1992

"Lank lewe alle oudstudente!"
Mnr Daan Visser, Direkteur: Diploma in Publieke Administrasie 1982

"Enige Tuks-kommunikasie word verwelkom en waardeer - baie dankie daarvoor!"
Mev Maritha Coetzee (née Van Amerom), Opleidingsadviseur: BCom(Personeelbestuur) 1992

"Dit is lekker om van julle te hoor!"
Mev Rika Martin (née Meyer), Handel en Nywerheidsadviseur: BCom(Personeelbestuur) 1988, BCom(Hons) 1992

"Na my wete was ek die eerste student in Tukkies se geskiedenis wat die graad BCom(Algemeen) verwerf het. My hoofvak was Jool!"
Mnr Mike Joubert, Direkteur: BCom(Algemeen) 1987, [Honneurs (1989) en MBA (1990): US]

"Ek dink dit is belangrik dat u met hierdie databasis en kontakmaking voortbou. Hou so aan!"
Dr Freddie la Grange, Senior lektor, US: DCom(Rekeningwetenskappe) 1992

"Ek verwelkom u uitnodiging in die verband. Baie dankie."
Mnr Fanie Naude, Regsbeampte: BCom(Regte) 1989, [BProc (1993): UP]

"Dankie vir die deurlopende kontak wat die Fakulteit met oudstudente behou."
Mej Adele Beukes, Nasionale Gesondheid: BCom(Ekonomie) 1992. ❖


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# BRING BRILLIANCE TO EVERY FACET OF YOUR BUSINESS





- Optimum profitability and cost effectiveness
- Market penetration and customer satisfaction
- Resource utilisation

## EXCEL IN PERFORMANCE THROUGH PRODUCTIVITY IMPROVEMENT

**NPI Consulting Services**

Experts in optimising effectiveness, efficiency and utilisation of resources

CONTACT NATIONAL PRODUCTIVITY INSTITUTE:

Transvaal & OFS (012) 341-1470 Dr. Jan-Henk Boer, Charles Lundall, Manie Mülder

Cape (021) 946-2267 Ian Rayner

Natal (031) 23-2090 Peter Buglass


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

B U R O  V I R  F I N A N S I Ë L E  A N A L I S E



# DATABASIS TOEGANG
## Bereik nuwe hoogtes

Sedert sy totstandkoming in 1965 het die BFA bykans 200 navorsingsverslae voltooi en gerekenariseerde databasisse ontwerp vir 'n wye verskeidenheid industrieë, professies en dienste. Gevolglik beskik die BFA oor die ervaring sowel as die infrastruktuur om op so 'n kontrakbasis en teen markverwante fooie navorsingsprojekte te onderneem in die ondergemelde vier navorsingsvelde, naamlik:

- bedryfsvergelykende studies (van industrieë, professies en dienste);
- ontleding van finansiële state van genoteerde maatskappye, berekening van verhoudingsgetalle en elektroniese verspreiding van verwerkte data deur gebruik van die BFA-NET stelsel;
- finasiële navorsingsprojekte in opdrag van finansiële en industriële maatskappye en;
- diverse korttermynopnames op 'n kontinue basis.

Die BFA is ook die hoofvoorsiener van die *Financial Mail* se opname van *Topmaatskappye*, asook die *Finance Week* se *200*-opname.

Die databasisse en ander navorsingsresultate van die BFA bevat bestuushulpmiddele van onskatbare waarde vir nyweraars, sakemanne, finasiële instansies en ontleders, en benutting hiervan is beskikbaar deur 'n blote telefoon oproep.

*Vir navrae kontak:*

***Tel: (012) 420-3371, Faks: (012) 342-2043, of skryf aan Prof. Leon Brümmer, BFA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, Pretoria, 0002.***

BFA

Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010